

**DIE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS
VAN DIE OORSPRONGS- EN
HERKOMSGESKIEDENIS VAN DIE
BANTOETAALSPREKENDE MENSE**

JAN HENNING TAIT

B.Ed.

Verhandeling voorgelê vir die nakoming van die vereistes
vir die graad Magister Educationis (Historiese Opvoedkunde)
in die Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. J.L. van der Walt

Hulpleier: Dr. N.S. Jansen van Rensburg

Potchefstroom

1992

VOORWOORD

Aan die einde van my Magisterstudie wil ek die volgende persone bedank vir daadwerklike hulp en bystand met hierdie navorsing:

- Prof. J.L. van der Walt, my studieleier, vir uitstekende leiding, hulp en motivering;
- Dr. N.S. Jansen van Rensburg vir sy belangrike bydrae as hulpleier;
- Prof. W.A.M. Carstens vir sy bydrae tot die taalkundige versorging van hierdie verhandeling;
- Karen Raath vir die tikwerk;
- Dr. Peet van Rensburg vir die tipografiese versorging, drukwerk en duplisering;
- Mev. Ina van Rensburg vir die natrek van die kaarte;
- Die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling vir finansiële bydrae om die navorsing te kon doen;
- My vrou, Thea, die kinders Elize, Schalk en Melanie vir morele steun en opofferings gedurende my studiejare;
- My grootste dank aan ons Skepper vir al sy onverdiende genade aan my.

SOLI DEO GLORIA

**Met waardering opgedra aan:
THEA, ELIZE, SCHALK en MELANIE**

SUMMARY

The history of the black peoples of South Africa became known to the Western world from about 1450, when some of the European nations, for example the Portuguese, began undertaking their voyages of discovery and documented their experiences and discoveries.

The history of the black peoples stretch back much further, up to about 10 000 B.C., meaning that a large part of their history has gone undocumented. This historical gap is bridged, to a certain extent, by means of tradition, in the form of oral tales and legends, folklore and myths, from one generation to another. The origin of the black peoples is also elucidated further by linguists, anthropologists, ethnologists and archaeologists who strive to arrive at a coherent image of that which had taken place during the period to the origin of the speakers of the Bantu languages as a distinguishable group of peoples.

As a result of the gap in the knowledge that had existed concerning the source and origin of the blacks, the unscientific presumption was occasionally made that the blacks' education only started with the establishment of the N.E.I.C. refreshment post at the Cape of Good Hope in 1652.

To avoid this, scientific theories, influences of old civilizations, traditions and other information, have been used in this study to reconstruct the educational past of the Bantu speakers. By means of extrapolation the pedagogical meaning of the historical data was determined. By these means, insight has been gained into the educational background of the Bantu speakers.

As a result of this study it has been determined that the education (and teaching) of the Bantu speakers during the period 10 000 B.C. up to, and including the birth of Christ, was traditionally directed towards the control of the environment and to educate their children concerning certain religious beliefs, cultural usages, norms and morals, so that these might be retained for future generations.

Investigation into the historical source and origin of the Bantu speakers and the connecting education (and teaching) aspects show that the educational tradition of the blacks of South Africa date back to a time much further than 1652, long before the first white arrivals from Europe in the Cape of Good Hope came into contact with the indigenous peoples of South Africa.

Although the study concentrated on a period that dates before the historical basic line, and information was difficult to come by, it was possible to a great extent to bridge this problem and to reach certain acceptable deductions and findings. The study showed that the historical source and origin of the Bantu speakers and its educational meaning has right of existence in the history of education.

OPSOMMING

Die geskiedenis van die swartmense van Suid-Afrika het aan die Westerse wêreld bekend geraak vanaf ongeveer 1 450 toe van die Europese volkere, byvoorbeeld die Portugese, ontdekkingsreise begin onderneem het en hulle wedervaringe en ontdekkings op skrif gestel het.

Die swartmense se geskiedenis strek egter baie verder die verlede in, tot sover as ongeveer 10 000 v.C., met die gevolg dat daar 'n lang tydperk in hulle geskiedenis is wat nie geboekstaaf is nie. Hierdie historiese leemte word egter in 'n mate oorbrug deur die oorleweringe van die swartes in die vorm van mondelinge oorvertelling van legendes, volksverhale en mites van geslag tot geslag. Die oorsprong van die swartmense word ook verder belig deur navorsing van taalkundiges, antropoloë, etnoloë en argeoloë wat daarna streef om 'n samehangende beeld te kry van wat plaasgevind het in die tydperk tot by die ontstaan van die Bantoetaalsprekendes as 'n onderskeibare groep mense.

As gevolg van die kennisleemte wat daar geheers het oor die swartes se herkoms en ontstaan, is daar soms die onwetenskaplike afleiding gemaak dat die swartes se opvoeding eers begin het met die vestiging van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie se verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop in April 1652.

In hierdie studie is daarteenoor sekere wetenskaplike teorieë, invloede van ou beskawings, oorleweringe en ander inligting gebruik om die opvoedingsverlede van die Bantoetaalsprekendes te rekonstrueer. Deur ekstrapolasie is die opvoedkundige betekenis van die historiese gegewens bepaal. Sodoende is insig in die opvoedingsverlede van die Bantoetaalsprekendes verkry. Voortspruitend hieruit is gevind dat die opvoeding (en die onderwys) van die Bantoetaalsprekendes in die tydperk 10 000 v.C. tot en met die geboorte van Christus tradisioneel gerig was daarop om die omgewing te beheers en om sekere religieuse oortuigings, kulturele gebruike, waardes, norme en sedes aan hulle kinders te onderrig sodat dit vir hulle nageslagte behoue kon bly.

Ondersoeke na die oorsprongs- en herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes en die verbandhoudende opvoedings- (en onderwys-) aspekte toon dat die opvoedingstradisie van

die swartmense van Suid-Afrika terugdateer na 'n tydperk lank voor die eerste blanke aankomelinge uit Europa in April 1652 in die Kaap die Goeie Hoop in aanraking gekom het met die inheemse mense van Suid-Afrika.

Alhoewel die ondersoek gerig was op 'n tydperk wat voor die historiese basislyn lê en gegewens moeilik bekombaar was, was dit tot 'n hoë mate moontlik om die problematiek van die ondersoek te oorbrug en om in 'n redelike mate tot aanvaarbare gevolgtrekkings en bevindinge te kom. Die ondersoek het getoon dat die oorsprongs- en herkomsgeeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes en die opvoedkundige betekenis daarvan wel bestaansreg in die historiese opvoedkunde het.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord i

Summary iii

Opsomming v

Lys van kaarte xii

**1 INLEIDING, PROBLEEM- EN DOELSTELLING
EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING 1**

1.1 INLEIDING 1

1.2 DIE AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM 2

1.3 PROBLEEMSTELLING 3

1.4 DIE AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID VAN DIE STUDIE 4

1.5 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING 4

1.6 NAVORSINGSMETODES 5

 1.6.1 Literatuurstudie 5

 1.6.2 Triangulering 5

 1.6.3 Bronne-kritiek 5

 1.6.4 Ekstrapolasie 5

 1.6.5 Die probleem-historiese metode 6

1.7 PROGRAM VAN ONDERSOEK 6

1.8 TERREINAFBAKENING 7

1.9	HOOFSTUKINDELING	7
1.10	SAMEVATTING	8
2	ENKELE MITES EN TEORIEË OOR DIE HERKOMS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES IN DIE PREHISTORIESE PERIODE	9
2.1	INLEIDING	9
2.2	DIE BIESIE- OF RIETBOS-MITE	9
2.3	DIE MITE VAN DIE GAT IN DIE GROND	11
2.4	GEVOLGTREKKING	12
2.5	ENKELE TEORIEË AANGAANDE DIE HERKOMS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDE MENSE	13
2.5.1	Inleiding	13
2.5.2	Die Hamitiese teorie	14
2.5.3	Die Sahelkorridorteorie	19
2.5.4	“Bantoetuislande”	19
2.5.5	Samevatting	23
2.5.6	Ander gesigspunte omtrent die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes	23
2.5.7	Die opvoedkundige implikasies en betekenis van die herkomsgeskiedenis	24
2.5.7.1	Algemeen	24
2.5.7.2	Betreffende die mondelinge tradisie	25
2.5.7.3	Betreffende die oorsprongsteorieë	27
2.5.8	Samevatting	29

3	DIE EGIPTIESE (5 000 v.C. - 1 087 v.C.) EN NUBIESE (2 000 v.C. - 600 v.C.) RYKE EN DIE MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN VIR DIE BANTOETAALSPREKENDE MENSE	30
3.1	INLEIDING	30
3.2	DIE EGIPTIESE RYK: ORIËNTERING	33
3.3	DIE VOOR-DINASTIESE EGIPTE (5 000 v.C. - 3 000 v.C.)	34
3.4	DIE OU-KONINKRYK (3 200 v.C. - 2 800 v.C.)	35
3.5	DIE MIDDEL-KONINKRYK (2 100 v.C. - 1 750 v.C.)	35
3.6	DIE NUWE-KONINKRYK (1 575 v.C. - 1 087 v.C.)	36
3.7	KONTAK VAN DIE EGIPTIESE RYK MET NEGER-AFRIKA	37
3.8	DIE MOONTLIKE WEDERSYDE INVLOEDE TUSSEN DIE EGIPTIESE RYK EN DIE VOOROUERS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES	38
3.8.1	Algemeen	38
3.8.2	Handel en landbou	38
3.8.3	Kunsvorme	40
3.9	MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS VAN DIE AANRAKING TUSSEN DIE EGIPTIESE RYKE EN DIE VOOROUERS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES	41
3.9.1	Algemeen	41
3.9.2	Die landbou	41
3.9.3	Die kunste	42
3.9.4	Godsdiens	42
3.10	DIE INVLOED VAN DIE NUBIESE RYK (±2 000 v.C. - 600 v.C.) OP DIE VOOROUERS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES EN DIE MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN	43

3.10.1	Inleiding	43
3.10.2	Nubië word 'n onafhanklike staat	44
3.10.3	Die betekenis van Nubië as moondheid	45
3.10.4	Moontlike opvoedkundige betekenis van Nubië se invloede op die voorouers van die Bantoetaalsprekendes	46
3.11	SAMEVATTING	46
4	DIE MEROË- EN NOKKULTURE, DIE INVLOED DAARVAN OP DIE BANTOETAALSPREKENDES EN DIE MOONTLIKE OPVOED- KUNDIGE BETEKENIS DAARVAN	48
4.1	INLEIDING	48
4.2	DIE ONTSTAAN, EN DIE INVLOED VAN MEROË OP DIE VOOROUERS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES	48
4.3	MOONTLIKE INVLOEDE VAN MEROË OP DIE BANTOETAAL- SPREKENDES EN DIE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN	50
4.4	DIE ONTSTAAN EN INVLOED VAN DIE NOKKULTUUR	52
4.5	MOONTLIKE INVLOEDE VAN DIE NOKKULTUUR OP DIE BANTOETAAL- SPREKENDES EN DIE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN	53
4.6	SAMEVATTING	55
5	DIE VERBLYF IN DIE SUID-SOEDAN, KAMEROEN, GABOEN EN DIE KONGO-KOM/ZAÏREKOM EN DIE MOONTLIKE OPVOED- KUNDIGE BETEKENIS DAARVAN	57
5.1	INLEIDING	57
5.2	DIE VERBLYF IN DIE SUID-SOEDAN	57

5.3	DIE VERBLYF IN DIE KAMEROEN- EN GABOENGEBIED (1 n.C. - 200 n.C.)	59
5.4	DIE VERBLYF IN DIE KONGO-/ZAÏREKOM (200 n.C. - 300 n.C.)	60
5.5	MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS VAN DIE VERBLYF IN DIE SUID-SOEDAN, KAMEROEN, GABOEN EN KONGO-KOM VIR DIE BANTOETAALSPREKENDES	60
5.6	SAMEVATTING	61
6	BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	62
6.1	INLEIDING	62
6.2	BEVINDINGS	62
6.3	GEVOLGTREKKINGS	65
6.4	AANBEVELINGS	66
6.5	SAMEVATTING	67
7	BIBLIOGRAFIE	68

LYS VAN KAARTE

KAART 1 : Oorsprongsgebied: Mesopotamië	15
KAART 2 : Migrasieroetes vanaf Midde-Ooste	15
KAART 3 : Migrasieroetes oor Sahelkorridor	18
KAART 4 : Die Sahelkorridor	18
KAART 5 : Die Land Punt	21
KAART 6 : Die Bantoe tuisland in Katangagebied	21
KAART 7 : Oorsprongsgebied in Niger-Benue samevloei	22
KAART 8 : Oorsprongsgebied in Kameroengebied	22

DIE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS VAN DIE OORSPRONGS- EN HERKOMSGESKIEDENIS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDE MENSE

1 INLEIDING, PROBLEEM- EN DOELSTELLING EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 INLEIDING

Daar bestaan vandag heelwat literatuur oor die verskillende aspekte en fasette van die kontinent van Afrika. Op feitlik alle terreine, soos die aardrykskunde, geskiedenis en volkekunde van Afrika, is daar al baie navorsing gedoen.

Die oorsprongs- en herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekende mense van Afrika is eweneens al nagevors en verskeie teorieë daaroor is geboekstaaf deur skrywers soos Ellenberger (1969), Olaniyan (1982) en Davidson (1968), om maar enkeles te noem. Vergelyk ook die minder wetenskaplike beskrywings van Mutwa (1969) in hierdie verband.

Vir baie eeue is Afrika, veral suid van die ewenaar, beskou as die “donker kontinent” (vgl. Oliver & Fage, 1972:13) omdat dit nie gedeel het in die ontwikkelinge wat in Europa plaasgevind het nie. Die Europeërs het Afrika destyds soms aan hulle eie Westerse standaarde van historiese ontwikkeling gemeet. Die kennis van Afrika wat hulle verkry het deur reisigers se vertellings, was meestal maar vaag, onbetroubaar en dikwels sensasie-soekend. Die gevolg hiervan was dat daar vir ’n baie lang tydperk in die geskiedenis van Afrika onkunde by Westerlinge geheers het oor die kontinent en sy mense (vgl. Muller, 1968:2).

Faktore wat ook bygedra het tot hierdie onkunde oor Afrika was die uitgestrektheid van die kontinent na die suide, ver van die Europese vasteland, die wye oseane wat die kontinent omring en die Saharawoestyn wat ’n binnelandse buffer vorm sodat feitlik die hele kontinent vir baie eeue geïsoleerd van Europa was (vgl. Hance, 1969:3).

Met die ontwikkeling van die seevaart vanaf die 15de eeu (Van Jaarsveld, 1971:2) het die Europese nasies egter al meer belang begin stel in ander wêrelddele en dus ook in Afrika. Die soeke na nuwe rykdomme het al hoe meer ontdekkingsreisigers na Afrika gebring. Die reisverhale wat hulle opgedis het oor Afrika was nie altyd objektief en betroubaar nie, maar dikwels eerder ’n manhaftige poging om hulle Europese vriende te beïndruk (Davidson,

1969:3). Dit het gelei tot wanopvattinge oor Afrika by die Europese volkere: Europeërs het Afrika se mense dikwels as barbaars, primitief, kultuurloos, heidens en bygelowig beskou (Davidson, 1969:2).

Hierdie onjuiste beeld wat daar in Europa geheers het oor die geskiedenis, kultuur en gebruike van die swartmense van Afrika het onder andere ook moontlik die wanbegrip by sommige Europeërs laat ontstaan dat die geskiedenis van die Bantoetaalsprekendes in Suid-Afrika sy beginpunt het by die blanke volksvestiging aan die Kaap die Goeie Hoop in 1652 (vgl. Olaniyan, 1982:1).

Afgesien van hierdie onjuiste opvattinge aangaande die swartmense se geskiedenis en opvoeding, sal daar in hierdie hoofstuk gepoog word om aan te toon dat daar vir 'n baie lang tyd in die geskiedenis van die Bantoetaalsprekendes van Afrika ook nog ander verkeerde opvattinge was oor hulle verlede, en met name hulle opvoedingsverlede.

Daar sal ook gepoog word om aan te toon dat die swartmense van Suider-Afrika, net soos die ander bevolkingsgroepe in die sub-kontinent/streek, 'n veelbewoë en ryk onderwys- en opvoedingsverlede het, maar dat anders as by die ander bevolkingsgroepe in Suider-Afrika, die swartmense van die sub-kontinent se opvoedingsverlede tot so ver as 10 000 jaar die verlede in strek.

1.2 DIE AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Om die oorsprongs- en herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekende mense te beskryf is 'n omvangryke taak wat versigtig benader moet word weens die feit dat hulle geskiedenis so ver terug strek in die verlede. Dit lê verder terug as die historiese basislyn in Afrika (wat op nagenoeg 1450 n.C. gestel word), tot selfs so ver as 10 000 jaar gelede. Die historiese basislyn in Afrika is daardie tydstip in die geskiedenis van Afrika toe daar begin is om aantekeninge te maak van gebeure deur byvoorbeeld reisigers, matrose en handelaars van wat hulle waargeneem het en wat aan hulle vertel is. Wat die verlede van die swartmense van Afrika suid van die ewenaar betref, lê hierdie historiese basislyn in die omgewing van 1450 n.C. en word verteenwoordig deur geskrifte van die eerste Portugese seevaarders en handelaars wat met die swartes in Wes-Afrika in aanraking gekom het (Olaniyan, 1982:2; Davidson, 1969:38; Hammond-Tooke, 1974:56; Omer-Cooper: 1975).

Omdat die oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes so ver voor die historiese basislyn lê, bestaan daar geen primêre werke daaroor in die vorm van konvensionele geskrifte

nie. Gegewens en besonderhede oor dié tydperk kan egter wel verkry word deur 'n analise van mites, volksverhale, legendes, raaisels, oorlewerings en die (mondelinge) tradisie (vgl. Olaniyan, 1982:1; Tobias, 1975:1; Vansina, Mauny en Thomas, 1964:60; Phillipson, 1981:691). Verder bied argeologiese opgrawings (vgl. Hall, 1987; Van Noten, 1982; McCall, 1969; Maylam, 1986) ook inligting oor die herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes en oor die taalkundige en aardrykskundige konstruksies en historiese gegewens. Al hierdie inligtingsbronne oor die geskiedenis van die swartmense moet geëvalueer word ten einde meer lig te kry op die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes en op opvoeding in daardie vervloë tydperk.

Bogenoemde primêre inligtingsbronne is al deeglik nagevors en op grond daarvan het daar sekere teorieë ontstaan oor die herkoms of oorsprong van die Bantoetaalsprekende mense. Davidson (1969:6-8) beweer byvoorbeeld dat daar 'n verband kan wees tussen die Bantoetaalsprekendes en 'n reeks opeenvolgende menslike prototipes (antropoïedes) waarvan daar verskeie in Afrika opgegrawe is. Die laaste van hierdie homoniedes, die homo sapiens, wat ongeveer drie miljoen jaar gelede in die noordweste van Tanzanië gewoon het, het hom onderskei van ander homoniedes deurdat hy gereedskap kon maak en bly oorleef het.

Deur vergelykings te tref tussen verskeie fossielskelette wat opgegrawe is, is vasgestel dat die hedendaagse Bantoetaalsprekendes van Neger-afkoms is en dat hulle alreeds voor die Ystertydperk in byvoorbeeld Noord- en Oos-Afrika woonagtig was. Daar bestaan ook ander teorieë oor die ontstaangeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes waaronder die Sahelkorridorteorie, die teorie oor hulle ontstaan in die Soedan, 'n teorie oor hulle koms uit die Midde-Ooste (Arabië) en oorleweringe soos vervat in mites en legendes wat daar onder die Bantoetaalsprekendes self bestaan oor hulle eie herkoms.

Al hierdie moontlike verklarings moet nagegaan en geëvalueer word sodat 'n samehangende beeld van die huidige stand van kennis van die ontstaangeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes in hierdie era bepaal kan word.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die probleem wat in hierdie ondersoek nagevors is, was:

- wat is die oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes en
- watter opvoedingsbetekenis het hierdie fase van hulle geskiedenis gehad?

1.4 DIE AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID VAN DIE STUDIE

- 1.4.1 In die Historiese Opvoedkunde is daar nog steeds 'n kennislugleegte oor die opvoedingsteorie en -praktyk van die Bantoetaalsprekendes in die periode 10 000 v.C. tot nagenoeg die geboorte van Christus, en hierdie leemte moet gevul word. Die opvatting wat soms bestaan dat die opvoedings- en onderwysgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes eers in 1652 begin het (vgl. Behr, 1978), kan deur navorsing van hierdie aard verder verdryf word.
- 1.4.2 Die studie kan ook aan die lig bring dat die swartes 'n lang en ryk prehistoriese opvoedingsverlede het wat nog nie voldoende beskryf is nie.
- 1.4.3 Die navorsing kan toon dat die inheemse mense van Afrika 'n eie karakteristieke (partikuliere) opvoedingsteorie en -praktyk gehad het, hoewel opvoeding 'n universele verskynsel is.
- 1.4.4 Die navorsing kan toon hoe kompleks opvoeding is en hoe verweef dit met tradisie, gewoontes, kultuur, omgewingsinvloede en tydsverloop is.
- 1.4.5 Die navorsing kan perspektief op en insig verskaf in die opvoedingsverlede van die Bantoetaalsprekende mense van 10 000 v.C. tot en met die geboorte van Christus.
- 1.4.6 In die lig van die konstitusionele woelinge in die Republiek van Suid-Afrika wat tans (1990 -) aan die orde van die dag is en wat ook die onderwystoekoms van die land se mense gaan raak, kan die studie 'n bydrae lewer tot die uitbouing van onderlinge begrip ten opsigte van die historiese verlede van die swartmense.

1.5 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing was:

- 1.5.1 om 'n perspektief op die kultuurhistoriese omstandighede en die handeling van die Bantoetaalsprekende mense in die periode 10 000 v.C. tot en met nagenoeg die geboorte van Christus na te vors en te beskryf. Dit is gedoen aan die hand van 'n oorsig van reeds bestaande bronne in ander dissiplines, en

1.5.2 om te bepaal of hierdie omstandighede en gebeure enige opvoedkundige betekenis gehad het.

1.6 NAVORSINGSMETODES

1.6.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne is bestudeer en gegewens aangaande die onderwerp geëvalueer en georden om die doelstellings soos pas geformuleer te bereik (vgl. De Wet, Monteith, Venter 1980; Landman, 1980; Van der Walt, 1982).

1.6.2 Triangulering

Die metode van triangulering tussen

- interpretasies van verslae ván of óór argeologiese opgrawings,
- mondelinge oorleweringe en
- literatuurstudie (vgl. 1.6.1)

is toegepas om te verseker dat gegewens sover as moontlik korrek en objektief geldig is (vgl. Wiersma, 1969; Whitney, 1954; Brickman, 1977).

1.6.3 Bronne-kritiek

Beskikbare bronne oor die periode dek wel die argeologiese getuienis en algemene geskiedenis, maar die *opvoedkundige* betekenis daarvan word nie bepaal nie. Die opvoedings-relevante inligting is uit die vermelde bronne oor die tydperk gekry en verwerk. Bronne-kritiek is in die proses toegepas ten einde so 'n outentiek-historiese beeld as moontlik van die betrokke tydperk op te bou (vgl. Wiersma, 1969; Johnson, 1977; Good, 1928).

1.6.4 Ekstrapolasie

Deur die metode van ekstrapolasie toe te pas word kennis versamel van feite en verskynsels wat onbekend aan ons is. Die versamelde gegewens word dan met mekaar in verband gebring en stel die ondersoeker in staat om werklikhede te rekonstrueer. Die onbekende word dus afgelei uit dit wat bekend is. Opvoedingshandelinge is “uitgesif” uit die alledaagse praktyke van die Bantoetaalsprekendes in die genoemde tydvak. Waar daar byvoorbeeld

ysterbewerking was, kan die afleiding gemaak word dat die opvoeding of opleiding van ystersmede ambagsgerig sou wees (vgl. Wijvekate, 1969:24; Fowles, 1978:47-48).

1.6.5 Die probleem-historiese metode

Die probleem-historiese metode is gebruik omdat die tema van ondersoek te doen het met die historiese verlede asook met die opvoedingsverlede van die Bantoetaalsprekendes. Venter (1976: 168) wys daarop dat die probleem-historiese werkwyse besonder geskik is vir die historiese opvoedkundige ondersoek. Die probleem-historiese ondersoek het ook te doen met die kultuur-historiese waarde van die lewens- en wêreldbeskouing van 'n betrokke gemeenskap. Met dié metode kan die historiese verlede en die opvoedingsverlede van die Bantoetaalsprekendes beter verstaan en begryp word (vgl. Van der Walt, 1978).

1.7 PROGRAM VAN ONDERSOEK

- 1.7.1 Om vas te stel wat die stand van navorsing oor die voorgestelde tema is, is rekenaarsoektogte uitgevoer op 1989-05-08. Die volgende soektogte is gedoen: ERIC-DIALOG, RGN-NAVO en 'n GKPV (Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelings). Uit die rekenaarsoektogte het dit geblyk dat daar nog nie oor die besondere tema navorsing gedoen is nie. Trefwoorde wat in die rekenaar gevoer is, was onder andere: Bantoeherkoms, Bantoe-oorsprong, Bantoe-legendes en mites, Bantoevolksverhale, Bantoe-godsdienste, bygelowe en tradisie van die Bantoe, Bantoe-oorlewering, Egipte, Nubië, Meroë, Nok, Hamiete, Kusiete, Nilote, Semiete, Sahel, Kongo/Zaire, Kameroen/Gaboen, Soedan. Gegewens met betrekking tot die prehistoriese is geselekteer en ondersoek vir gebruik in die navorsing.
- 1.7.2 Daar is 'n studie van die verskillende mites as 'n siening en verklaring van die Bantoetaalsprekendes oor hulle eie herkoms gemaak. Dit is vir die doeleindes van hierdie studie verwerk om te dien as vertrekpunt van 'n uiteensetting van die *kultuuroorsprong* van die swartmense.
- 1.7.3 Die verskillende wetenskaplike teorieë wat daar bestaan oor die herkoms van die Bantoetaalsprekendes is vervolgens ondersoek en geëvalueer en daar is gepoog om 'n samehangende verband tussen die verskillende teorieë te kry ten einde 'n getroue beeld te probeer verkry van waar die Bantoetaalsprekendes moontlik vandaan gekom het en watter opvoedingsbetekenis hierdie oorsprongsgebeure gehad het.

- 1.7.4 Die invloed van ou beskawings soos Egipte, Nubië (Meroë) en Nok op die Bantoetaalsprekendes se kultuurhistoriese verlede is hierna ondersoek om te bepaal watter invloed daar waarskynlik van hierdie kulture op die Bantoetaalsprekendes se opvoedingsverlede uitgegaan het. Daar is ook bepaal tot watter mate die Bantoetaalsprekendes 'n bydrae gelewer het tot die kultuurgoed van die vroeë beskawings met wie hulle in aanraking gekom het. Die opvoedingspraktyke wat in die genoemde tydperke in hierdie kulture gangbaar was en opgeteken is, is ondersoek om te bepaal in hoe 'n mate die Bantoetaalsprekendes hulle moontlik daarmee vereenselwig het en in watter mate hulle dit oorgeneem het of daardeur beïnvloed is.

1.8 TERREINAFBAKENING

- 1.8.1 Die navorsing lê op die terrein van die Historiese Opvoedkunde, aangesien 'n opvoedingsprobleem met historiese betekenis in die verlede, nagevors is.
- 1.8.2 Daar is gefokus op die periode 10 000 v.C. tot en met die geboorte van Christus in die geskiedenis van die Bantoetaalsprekende mense. Dié periode sluit die Halocene-epog wat betrekking het op die laaste 10 000 jaar, in en wat gekenmerk is deur (i) snelle kulturele ontwikkeling asook deur (ii) die begin van die neolitiese rewolusie ongeveer 10 000 jaar gelede (vgl. Nöthling, 1989:4-5).
- 1.8.3 Die term “Bantoetaalsprekendes” is gekies om aan te toon dat die navorsing gerig is op mense en volke van Negroïede afkoms in Suider-Afrika wat die een of ander Bantoetaal praat.
- 1.8.4 Die aandag is veral toegespits op die ekstrapolasie van die *opvoedkundige betekenis* uit die gebeure en kultuur-historiese omstandighede in hierdie tydperk.

1.9 HOOFSTUKINDELING

- 1 Inleiding, probleem- en doelstelling en metodologiese verantwoording.
- 2 Enkele mites en teorieë oor die herkoms van die Bantoetaalsprekendes: prehistoriese periode.

- 3 Die invloede van die Egiptiese en Nubiese ryke en die moontlike opvoedkundige betekenis daarvan vir die Bantoetaalsprekende mense.
- 4 Die invloede van die Meroë- en Nokkulture en die moontlike opvoedkundige betekenis daarvan.
- 5 Die verblyf in die suid-Soedan, Kameroen, Gaboen en die Kongokom (Zairekom) en die moontlike opvoedkundige betekenis daarvan.
6. Bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings.

1.10 SAMEVATTING

'n Voorlopige ondersoek bring aan die lig dat die Bantoetaalsprekende mense van Afrika 'n lang en veelbewoë geskiedenis het, maar dat die moderne wetenskap 'n kennisleemte vertoon ten opsigte van die opvoedingspraktyke wat aanwesig was in die verre verlede van hierdie mense se geskiedenis.

Die siening wat soms gehuldig word dat die tradisionele swartman voor sy aanraking met die Europeërs 'n opvoedingstelsel gehad het wat totaal minderwaardig was in teenstelling met laasgenoemde, kan deur hierdie studie in perspektief geplaas word. As die Bantoetaalsprekendes se kultuurhistoriese agtergrond en opvoedingspraktyke beter verstaan word, sal daar moontlik beter onderlinge begrip tussen die verskillende volkere in die Republiek van Suid-Afrika wees.

2 ENKELE MITES EN TEORIEË OOR DIE HERKOMS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES IN DIE PREHISTORIESE PERIODE

2.1 INLEIDING

Die vroegste geskiedenis van die Bantoetaalsprekende volkere van Suider-Afrika is hoofsaaklik uit mondelinge oorlewering bekend.

Die volksverhale, legendes, raaisels en mites aangaande die herkoms van die swartmense is opgeteken deur die vroeë reisigers en sendelinge. Navorsers soos Theal, Bryant, Ellenberger en Stow het 'n spesiale studie van sulke oorlewerings gemaak (vgl. Muller, 1968:435).

Volgens die mondelinge tradisie bestaan daar twee stelle verklarings vir die herkoms van die swartmense: die mite dat die eerste mense uit 'n rietbos gekom het, en die mite dat die eerste mense uit 'n gat in die grond gekom het. Afgesien van verskille in die groep en die streek waar die mite vertel word, is daar nie groot verskille tussen die mites nie (Setiloane, 1986:4).

2.2 DIE BIESIE- OF RIETBOS-MITE

In die mondelinge vertellings van sommige Sotho-sprekendes oor hulle oorsprong word daar verwys na 'n sekere Mopeli of Tlake wat die eerste man sou gewees het (Ellenberger, 1969:14).

'n Ander legende vertel dat sekere Sothosprekendes oorspronklik kom van 'n tafelkop in die Vrystaat tussen Frankfort en Vrede wat onder die Sothosprekendes bekend staan as Ntsoana-Tsatsi. By dié plek was daar 'n grot met moerasse en riete daaromheen en daaruit het die eerste mense gekom (Ellenberger, 1969:17-18; Setiloane, 1976:33). Die naam van die berg beteken "waar die son opkom". Daarom glo party Sothosprekendes dat die eerste mens vanaf die ooste gekom het.

Onder sekere Suid-Sothosprekendes bestaan die legende dat alle ware Sothosprekendes uit 'n rietbos kom (Hammond-Tooke, 1974:320).

Die mense aan die ooskus van Suider-Afrika, veral sommige Nguni, glo ook dat die eerste mens uit 'n rietbos te voorskyn gekom het. Volgens Burgess (1936: 19), Sundkler (1948:19), en Bleek (1952:5) bestaan daar ook onder sommige Zoeloesprekendes 'n legende dat die “Groot Groot Een” (Unkulunkulu) voortgekom het uit 'n riet op 'n rivieroewer wat blykbaar iewers in Natal of in Zoeloeland vloei. Die legende lui verder dat op 'n sekere dag die riete begin swel het totdat hulle oopgebars het. Daaruit het die eerste mens en sy vrou gekom wat hulself in die rietbos bevind het. Hulle kon nie sien wie hulle geskape het nie. Van die rietbos het 'n “umhlanga” ('n riet) afgebreek wat die oorsprong was van al die diere (vgl. ook Van Zyl, 1924:5; Werner, 1932:30).

Sekere Ndebelestamme suid van die Zambezi glo net soos die Zoeloesprekendes aan die mite van die “Boom van die lewe”, maar dit word deur sommige eerder as 'n hol riet gesien in plaas van 'n boom. Die Zoeloesprekendes noem dit *Uhlanga Lwe Zizwe* wat beteken: “die riet van die nasies” en volgens oorvertellings bestaan daar 'n legende onder sommige Zoeloesprekendes dat die moedergod “Ma” lewe geskenk het aan al die nasies en dat die “Boom van die lewe” die voortbringer was van al die gras, bome, woude, diere en voëls. Die twee gode kan gesien word in kunswerke van hout, klei of rotstekeninge wat onder die stamme van Suider-Afrika gemaak is. (Vergelyk in hierdie verband die verhale wat C. Mutwa (s.a.) in sy werke beskryf.

Volgens Miller (1979:152-3) is daar in die legendes van sekere Zoeloesprekendes 'n verklaring vir die ontstaan van die mens. Heel eerste was daar Unuvuli Ngqange (die een wat heel eerste sy verskyning gemaak het). Daar word na hom verwys as “die koning van die riete” omdat hy uit die riete gekom het. Hy het, nadat hy uit die rietbos gekom het, ook mans en vroue, blomme en bome, voëls en diere en al die vrugte van die aarde daaruit laat kom. In hierdie “tuin van Eden” het almal gelukkig saamgewoon. Die mense het nie geëet of gedrink nie, want dit was nie nodig nie. Niemand is gebore nie en niemand het gesterf nie.

Verder lui die legende dat 'n babatjie op 'n dag sy verskyning gemaak het wat natuurlik groot verwarring in die rustige “Utopia” veroorsaak het. So 'n gebeurtenis is nog nie beleef nie en niemand het geweet wat om te doen nie. Die moeder was swak en uitgeput in die hut, het sleg gevoel en gekla van pyn. Niemand het raad gehad nie totdat een van die vroue sê dat sy vir haar van die “groen goed” (koring en pampoen) sal gee. Sy wou daarmee die moeder om die lewe bring om haar sodoende te verlos van die pyn. Die moeder het die kos geëet en in plaas van te sterf het sy gesond en selfs vet geword. Die ander het ook van die kos geëet en dit was vir hulle lekker.

Die mense het ook begin jag vir vleis en dit het tot gevolg gehad dat die diere van skrik begin vlug het. Die beeste, skape en bokke kon nie so vinnig soos die ander diere hardloop nie en

hulle is gevang en mak gemaak. Die vroue het gemerk dat die babatjie baie liefvallig was en dat die moeder baie trots was. Hulle het toe almal besluit om ook kinders te hê (Miller, 1979:153).

Volgens sommige oorleweringe van die Tsongasprekendes en die Vendasprekendes bestaan daar twee legendes oor hulle herkoms. Die eerste is dat die man en vrou plotseling uit 'n riet te voorskyn gekom het wat oopgebars het. Die tweede legende sê dat verskeie stamme uit 'n rietbos of rietmoeras na vore getree het, elke stam met sy eie besondere kleredrag en gereedskap (Junod, 1927:348).

Die legende lui verder dat indien jy onder sommige Vendasprekendes sou vra waar die ysterskoffel vandaan gekom het (hulle het die ysterskoffel voor die Tsonga besit), word daar gesê: “Die Vendas het daarmee uit die rietmoeras gekom”.

Onder groepe Sotho-Tswanasprekendes is daar vandag nog die gebruik dat daar by die geboorte van 'n kind 'n riet oor die drumpel van die huis geplaas word wat beteken dat die moeder en kind “ka mo letlhakeng”, in die rietbos is, wat die verskyning van die eerste mens uit die rietbos versinnebeeld (Setiloane, 1976: 34).

2.3 DIE MITE VAN DIE GAT IN DIE GROND

Oorvertelling wil dit hê dat die mite van die rietbos 'n variasie op die mite van die gat in die grond is, soos byvoorbeeld oorleweringe van die BaNyai-stam. Die BaNyai sê dat alle mense uit 'n groot gat te voorskyn gekom het (die gat van Myali) toe die klippe en rots nog sag was sodat voetspore daarin getrap kon word (Junod, 1927:348).

McKay (1911:52) sê bepaalde Zoeloesprekendes en veral sommige Xhosasprekendes vertel dat die eerste mens gekom het uit 'n groot grot (“umgede”), wat in die ooste is waar die son opkom. By dié plek groei die allerheerlikste groente en vrugte. Op 'n sekere dag sou alles in beweging gekom het en mens, dier en voëls het begin trek (McKay 1911:52).

Sekere Tswanasprekendes glo ook aan 'n gat of gate in 'n rots by Lowe naby Mochudi waar hulle voorouers uitgekom het. By daardie rots is daar voetspore wat as bewys hiervan sou dien (Hammond-Tooke, 1974:320).

Afgesien van die rietbosmite is daar ook onder groepe Venda- en Tsongasprekendes 'n legende van 'n gat met menslike voetspore van die god Khuzwane daaromheen. Hieruit sou die eerste mens gekom het.

Setiloane (1976) sê dat die mite van die gat in die grond wyd vertel word deur die suidelike Bantoe. Hulle vertel dat die eerste mens diep uit die aarde uit gekom het deur 'n gat of 'n grot. Sommige van die Tswanasprekendes praat van die gat wat nie gevul kan word nie, waarheen die dooies terugkeer.

Die Ba-Hurutshe sê dat daar in hulle land 'n gat is waaruit die eerste mens gekom het en die voetspore is nog daar te sien. Alhoewel van die swartes sê dat die gat iewers in die ooste is, is baie nie seker waar dit is nie. Die Ba-Tswana praat van vyf sulke gate.

Sekere stamme is dit eens dat 'n wese, genaamd Lôôwe, onder die Ba-Tswana en Tobega onder die Ba-Sotho, die eerste mens en dier uit die gat gelei het. Lôôwe het net een been gehad en word uitgeken aan sy een voetspoor. Sy spoor is ook die enigste wat terugwys na die gat. Hy het, nadat hy die mense en diere uitgelei het, hulle agtergelaat om te vermenigvuldig en teruggekeer vanwaar hy gekom het. Slegs die dooies volg hom terug na die gat waaruit hulle gekom het (Setiloane, 1976:34).

Onder die mites en volksoorleweringe van sekere Tswanasprekendes vind 'n mens verdere variasies van die mite van die gat in die grond en die oorsprong van die eerste mens. Volgens Brown (1969: 162-163) praat elke legende van 'n grot waaruit die eerste mens gekom het. Die grot word Looé of Lowé genoem en die bewoner van die grot word Looé oa Cosé of Cosa genoem wat 'n soort halfgod is en wat beskik oor die lotgevalle van die mens.

Lowé se voetspore is ook te sien saam met dié van honde in konglomeraatrots op verskeie plekke in Suider-Afrika, maar hoofsaaklik by 'n plek genaamd Kopong, suid van die Zambezi. Hier woon Lowé dan volgens oorlewering in 'n grot saam met honde en die wilde diere van die veld. Aan hom is ook die opdrag gegee om name aan al die diere, behalwe die slang, te gee.

2.4 GEVOLGTREKKING

Afgesien van die feit dat daar by die Bantoetaalsprekendes verskeie mites bestaan oor hulle oorsprong, het die mites by die verskillende bevolkingsgroepe sekere kenmerke wat oorvleuel. In die legendes is daar sprake van 'n "skepper". By die Zoeloesprekendes is dit byvoorbeeld "Unkulunkulu", "Raluvimba" by die Vendasprekendes, "Modimo" onder die Sotho- en Tswanasprekendes en "Qamatha" by die Xhosasprekendes. Dié oppergod sou verantwoordelik wees vir die oorsprong van die mens en alles wat op die aarde is (Hammond-Tooke, 1974:319; Ellenberger, 1969:49).

Verder blyk dit dat die Bantoetaalsprekendes glo dat hulle almal van dieselfde oorsprong is: “Bana ba thari e ntsho” (kinders van een dravel of moeder). Dit kom verder ook voor dat hulle aanvaar dat hulle oorsprong iewers in die ooste is - Ntsoana Tsatsi, waar die son opkom (Setiloane 1986:7).

Die gedagte van die herkoms uit die ooste, die oorsprong uit die moeras, rietbos, grot of gat in die grond kan volgens Brown (1969:166) ’n aanduiding wees van die verblyf langs die groot mere in Sentraal- Afrika of dit kan verder terugwys na die geskiedenis van die mens toe hy nog ’n grotbewoner was.

’n Verdere ontleding van die legendes oor die herkoms van die Bantoetaalsprekendes toon dat daar bepaalde aksente in die mites is wat ooreenstem met die Bybelse verklaring van die herkomsgeskiedenis van die mens. Daar word gepraat van ’n persoon wat al die diere moes name gee, lig wat gemaak is om te kan sien, die eerste man wat geskape is en daarna die vrou, en dat god en die mens eers saam gewoon het tot daar ’n skeiding gekom het as gevolg van verkeerde dade deur die mens. Die god het toe in die hemel gaan woon en die mens op die aarde gelos (Smith 1950:7; Junod, 1927:348-350).

Smith (1950:8-9) is van mening dat die gedagte van die herkoms uit die ooste en sodanige ooreenstemming met Bybelse konnotasies in die mites gesoek moet word in die feit dat die Egiptenare swart slawe gehad het wat met die Jode in aanraking gekom het. Die herkomsgeskiedenis van die Jode kon deur die swartes in hulle vertelling verweef geraak het, vandaar die ooreenkomste.

2.5 ENKELE TEORIEË AANGAANDE DIE HERKOMS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDE MENSE

2.5.1 Inleiding

Alhoewel die voorafgaande gedagtes slegs mites, legendes en volksverhale is oor die herkoms van die Bantoetaalsprekendes, is daar tog sekere elemente in dié verklaringe ingeweef wat mekaar onderling aanvul. Die ooreenkomste het onder andere daartoe aanleiding gegee dat daar sekere teorieë saamgestel is oor die oorsprong van die swartmense, naamlik die Hamitiese of Asiatiese teorie en die Sahelkorridorteorie.

Die Bantoetaalsprekendes, soos wat hulle vandag bekend is, het hoogs waarskynlik ontstaan as gevolg van ’n geleidelike vermenging oor ’n lang periode tussen Negroïede rasse en

Hamitiese rasse in midde-Afrika (Soga, 1930:7-8; Nöthling, 1989: 15; Wills, 1972:13-14; Ki-Zerbo, 1981:273). In die ondersoek na die teorieë sal daar gelet moet word op die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes se voorouers, die migrasieroetes, die vermelde vermenging van groepe, die ontstaan van die Bantoetaalsprekendes en die plekke waar sekere groepe ontstaan het.

2.5.2 Die Hamitiese teorie

Uit die mites en legendes oor die herkoms van die swartmense het een element duidelik na vore gekom, naamlik dat hulle oorsprong iewers in die ooste gesoek moet word.

Sekere kenners is van mening dat die mens se oorsprong in die Midde-Ooste gesoek moet word en dat die mense daar as gevolg van die een of ander ramp in verskeie rigtings gemigreer het (Johnston, s.a.:36; Barer, 1963:30).


Volgens Holden (1963:4-6) se minder waarskynlike siening kan hierdie “ramp” in verband gebring word met die taalverwarring by Babel waar die Here met sy ingrype die mense oor die aarde verstrooi het. Hy is ook verder van mening dat die Here nie net taalverskille veroorsaak het nie, maar ook verskille gemaak het in kleur, grootte en ander eienskappe. Die plek waar, volgens hom, die gebeure plaasgevind het en waar na die herkoms van die mens gesoek moet word, moes dan in die omgewing van die Tigris- en Eufraatriviere gewees het, die huidige Mesopotamië (sien Kaart 1).

Sekere gewoontes en gebruike van die Bantoetaalsprekendes asook hul taal dui daarop dat hulle voorouers van hierdie gebied afkomstig kon gewees het. Hiervandaan sou hulle dan oor die Suez-landengte getrek het, deur Egipte langs die Nyl af, en verder versprei het. Volgens Holden sou die nageslag van Gam na die suide getrek het (Holden, 1963:5).


Soga (1930:1-4) is ook van mening dat die voorouers van die Bantoetaalsprekendes vanuit die Midde-Ooste kom. Volgens hom is die nageslag van Gam, die Kanaäniete, deur Josua verslaan toe Palestina ingeneem is. Die Kanaäniete het op die vlug geslaan en sommige het Noord-Afrika ingekom, ander is na Griekeland verdryf. Volgens hom was die eerste instroming van die Hamiete in Afrika tydens die bewind van Josua oor die Israeliete, en hulle het later bygedra tot die totstandkoming van die “Bantoeras”.

Die Hamiete sou al langs die weskus van die Rooisee suidwaarts beweeg het, hulself daar gevestig het en later verder weswaarts versprei het na die sentrale gedeeltes van Afrika noord van die Kongokom/Zairekom.

KAART 1. OORSPRONGSGEBIED: MESOPOTAMIË



KAART 2. MIGRASIEROETES VANAF MIDDE-OOSTE



Sekere Europese etnografe en ander geleerdes huldig ook die standpunt dat die mens oorspronklik uit Asië kom en vandaar na Europa en Afrika gemigreer het (Ki-Zerbo, 1981:272) (sien Kaart 2).

Ki-Zerbo (1981:272-273) voer verder aan dat die oorspronklike rasse wat vanuit Suid-wes-Asië gekom het, donkervelige “fuzzy-haired” mense was. Hulle het oor die hele Soedanese savanna versprei en die ekwatoriale woude binnegedring. Hierdie Negroïede is gevolg deur proto-Hamitiese rasse, ook vanuit Asië. Vermenging tussen dié groepe het die Bantoetaal-sprekendes laat ontstaan (vgl. ook Bryant, 1963:55; Wills, 1973:12-13; Gailey, 1971:30; Wheeler, 1969:4-5).

Die proto-Hamitiese migrasie sou dan gevolg kon word deur die reeds vermelde golwe van ligter-kleurige Hamitiese vanuit Asië deur die Suezlandengte, oor die Bab-el-Mandeb seestraat, in Afrika in en hulle sou die voorouers wees van die Fulani-, Hausa-, Masai-Bari-, Galla- en Somalistas.

Die meeste kenners is dit eens dat die voorouers van die Bantoetaalsprekendes vanuit Asië gekom het. Die Negroïede het hulle blykbaar in die tropiese gedeeltes van Afrika gaan vestig. Hulle was klaarblyklik nog nie so ontwikkel soos ander volksgroepe “agter hulle” nie (Johnston, s.a.:33-35). Die Hamitiese, ook vanuit Suid-wes-Asië, was veeherders en sou later met die Negroïede ondertrou en daaruit sou die latere Bantoetaalsprekendes ontwikkel (vgl. Fage, 1978:11-12; Martin & O'Meara, 1977:77-78; Schapera, 1946:9-11; Seligman, 1930:54-55; Bruwer, 1963:3-4; Junod, 1970:8).

Oliver (1969:5) onderskei vyf hoofgroepe van oorspronklike Afrika-inwoners. Die *Boesmans* (San) van die Kalahari-omgewing, die *Hottentotte* (Khoi) van die suid-westelike dele van die vasteland en die *Pigmeë* van die Tropiese woude in Zaïre is die eerste groep.

Die tweede groep is die sogenaamde *ware Neger*s van Wes-Afrika. Derdens is daar die *Bantoe-Neger*s wat hoofsaaklik in Afrika suid van die Sahara aangetref word. Vierdens is daar die *Hamitiese Neger*s wat ontstaan het as gevolg van die vermenging; dié groep word aangetref in Noordoos en Oos-Afrika, en laastens is daar die mense van Noord-Afrika wat nie verband hou met die Neger-groepe nie.

Oliver (1969:5) sien die oorsprong van die Neger as een van die interessantste Afrika-probleme omdat soveel kenners oor die swartes se oorsprong bespiegel. Hy beweer ook dat die Neger se oorsprong gesoek moet word in Suid-Europa, Indië, die Midde-ooste en selfs in Afrika. (Vgl. ook Jones, 1958:15-16.)

Murdock (1959:7) onderskei die vyf hoofgroepe ietwat anders, naamlik die *Boesman*, *Kaukasiër*, *Mongoloïed*, *Negroïed* en *Pigmeë*. Nöthling (1989:9) onderskei verder nog die Hamitiese groep saam met bogenoemde.

Johnston (s.a.:13-14) bespiegel ook dat die Negroïede vanaf die ooste gekom het of dalk hulle oorsprong in Midde-Afrika het.

Hy sien die bevolkingsverskuiwings vanuit die ooste as dwangverskuiwings omdat die Kaukasiese groepe ander groepe voor hulle uitgedryf het. So het byvoorbeeld die Fula stadig oor die Sahara getrek, met Negroïede rasse gemeng, al vluggend voor die Libiërs of Berbers, totdat hulle in die valleie van die Bo-Niger en Senegal gekom het en later na die sentrale dele van die Soedan gevlug het (Johnston, s.a.:18).

Hy beweer ook dat soortgelyke groepe deur Hamiete vanaf Oos-Afrika weswaarts gedruk is. Die Negroïede rasse is ook geabsorbeer deur vermenging.

Volgens Johnston (s.a.:31) het daar drie hoofgroepe vanaf die Nylkom en die oostelike horing-gedeelte van Afrika versprei na die tropiese gebiede en Suider-Afrika. Eerstens was dit die donker, kortbenige, harige, gesplete-tonige Pigmeë en strandlopers van Suid-Afrika. Tweedens is dit die lang swart Nilotiese Negers en derdens die Boesman. Hy beweer verder dat die rasse vrylik vermeng het, 'n gebeurtenis wat verantwoordelik was vir die ontstaan van vele rasse in Neger-Afrika.


Die Negroïede rasse in Afrika was in die Paleolitiese stadium van kultuur, of die Ou Steentydperk voor 10 000 v.C., dit wil sê steen- en klipwerktuie is gebruik asook horings en tande van diere as jag en visvang-hulpmiddels.

Hulle het nog nie die kuns van vuurmaak geken nie, en ook geen kennis van veeboerdery en landbou gehad nie. Liggaamlike versierings is gemaak deur snye aan die liggaam, penne is deur die neus en lippe gesteek en versierings was van diervelle, tande, bene of skulpe.


Die Negroïede het skuilings gemaak van blare of in grotte gebly. Die man het 'n vroulike maat vir hom gekry wat behulpsaam was met jag, kosmaak en die soek na helende plante en wortels.

Die Negerrasse het waarskynlik aan een of ander gees geglo asook aan die lewe na die dood. Die gees van 'n afgestorwene sou dan naby die graf vertoef of in die een of ander dier gaan woon. Die Negroïede rasse was waarskynlik in hierdie Paleolitiese kultuur vasgevang vir duisende jare en is eers met die koms van die Kaukasiese rasse daaruit gelig toe hulle nuwe dinge geleer het (Johnston, s.a.:31-34).

KAART 3. MIGRASIEROETES OOR SAHELKORRIDOR



KAART 4. DIE SAHELKORRIDOR



2.5.3 Die Sahelkorridorteorie

Waar die Hamitiese teorie 'n beskrywing gee van waar die voorouers van die swartmense gekom het en hoe hulle in Afrika ingekom het, is die Sahelkorridorteorie 'n verlengstuk van die vorige teorie en beskryf dit hoe die voorouers van die Bantoetaalsprekendes van oos na wes oor Afrika beweeg het, vanaf die Nylvallei oor die Soedan na die westelike gedeeltes van Afrika (vgl. Gailey, 1971:30; Wills, 1973:12) (sien Kaart 3).

Hierdie migrasie van die bevolkingsgroepe was baie geleidelik sodat daar by verskeie plekke beskawings ontstaan het soos by Meroë in Nubië, Kus en Nigerië (wat almal in die volgende hoofstukke beskryf sal word).

Daar moet onthou word dat die Saharagedeelte van Noord-Afrika gedurende die tydperk 10 000 v.C. tot $\pm 2\ 000$ v.C. 'n water- en plantryke gebied was wat 'n groot bevolking gedra het. Die gebied was redelik dig bewoon. Teen die jaar 2 000 v.C. het die Sahara 'n klimaatsverandering ondergaan wat meegebring het dat die riviere opgedroog, die plante-groei verander en woestyntoestande stadig maar seker begin ontwikkel het (Fage, 1978:12; Wills, 1973:12; Hiernaux, 1975:63).

Hierdie klimaatsverandering het verreikende gevolge gehad. Die mense wat in die Sahara-gebied gewoon het, het suidwaarts begin trek en van veeboerdery na akkerbou oorgeslaan (Hiernaux, 1975:63).

Hierdie inkrimping van die gunstige omstandighede van die Sahara het tot gevolg gehad dat daar aan die noordekant van die tropiese gebied 'n savannatipe grasveld ontstaan het, met die Saharawoestyn verder noord. Die grasvlaktegebied was dan 'n smal strook van oos na wes oor Afrika, en staan bekend as die Sahelkorridor (Nöthling, 1989:166-167; Connah, 1981) (sien Kaart 4).

Langs hierdie roete het die Hamitiese voorouers van die Bantoetaalsprekendes getrek en algaande, met verloop van tyd vermeng met die Negroïede bevolkingsgroepe en daaruit sou die latere Bantoetaalsprekendes tot stand kom.

2.5.4 “Bantoetuislande”

As gevolg van die uitgestrektheid van Afrika oor sy breedte is daar uiteenlopende sienings oor die oorsprongplekke van die Bantoetaalsprekendes. Soga (1930:4-5) beweer dat die geboortegrond van die Bantoetaalsprekendes vanaf die Tanakom is tot in die omgewing van

die Victoriameer aan die oostekant van Afrika. Bruwer (1963:3) is ook van mening dat die geboorteplek van die Bantoetaalsprekendes aan die oostekant van Afrika moet wees, want volgens die periode van die Sankh-ka-Ra sowat 2 500 jaar v.C. word daar in ou Egiptiese geskrifte na die land Punt verwys wat die woongebied van die swartmense was. Dit is die gebied van die huidige Somaliland (vgl. Kaart 5).

Sekere historici soos Davidson (1969:17), Martin en O'Meara (1977:77-78) is weer van mening dat die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes aan die suid-oostelike gedeeltes van die tropiese woude van Midde-Afrika moet wees, die suid-oostelike Zaïregebied waar die huidige Katanga is (Kaart 6).

Die Bantoetaalsprekendes wat hier gewoon het, het kennis gehad van ysterbewerking, het geboer met vee en landbougewasse en hiervandaan het hulle begin migreer na onder andere die suidelike dele van Afrika.

Die meeste kenners is egter van mening dat die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes iewers aan die westekant van Afrika gesoek moet word.


Gailey (1971:30-31) skets byvoorbeeld die Bantoe-oorsprongsgebied in die omgewing van Nigerië se noordelike gebied. Hiervandaan sou hulle ooswaarts beweeg het tot by die Victoriameer en daarvandaan suidwaarts na die suidelike gedeeltes (vgl. ook Gailey, 1970:27 en Griffiths, 1984:34) (Kaart 7).

Die Lubastam van Malawi sou byvoorbeeld hierdie roete gevolg het, óm die digte woude van die Kongo, langs die Kivumeer en langs die meer van Tanzanië suidwaarts tot by die samevloeiing van die Bushimaie- en Lualabariviere waar hulle hul gevestig het.


Seligman (1939:55) sê dat die bakermat van die “ware” Negers in Wes-Afrika geleë is vanaf die mond van die Senegalrivier tot aan die oostelike grens van Nigerië.

Bahoken en Atangana (1976:10) en Schapera (1946:8) glo ook dat die Bantoetaalsprekendes se oorsprong iewers aan die westekant van Afrika gesoek moet word. Hulle is van mening dat dit iewers in die Kongo-Kameroengebied moet wees. Bahoken en Atangana (1976:10) meen die gebied strek vanaf die Tsjadmeer na die Zaïrerivier, en Schapera (1946:8) sê dat die geboortegrond van die Bantoes in die waterskeidingsgebied van die Zaïrerivier moet wees, met ander woorde die Kameroenhooglande tussen die Kongo en die Kameroen (vgl. Kaart 8).


KAART 5. DIE LAND PUNT




KAART 6. DIE BANTOETUISLAND IN KATANGAGEBIED



KAART 7. OORSPRONGSGEBIED IN NIGER-BENUE SAMEVLOEI



KAART 8. OORSPRONGSGEBIED IN KAMEROENGEBIED



Bantoetaalkenners soos Bleek (1952), Greenberg (1955) en Guthrie (1967) wat intensiewe taalnavoring gedoen het oor die Bantoetale, voer die oorsprong van die Bantoetale ook na die westelike gedeeltes van Afrika. Greenberg (1955) is van mening dat hulle oorsprong iewers tussen die Nigeriese en Kameroense grensgebiede moet wees (Nöthling, 1989:96-97), terwyl Guthrie (1967) die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes na aanleiding van hulle taal in 'n gebied suid van die mere van Tanzanië vaslê.

Die siening van Guthrie hou egter nie meer water nie en dit wil voorkom dat Greenberg se afbakening die korrekste is (vgl. Nöthling, 1989:97; Inskeep, 1978:122).

2.5.5 Samevatting

Uit die bogenoemde teorieë oor die herkomsgeiedenis van die Bantoetaalsprekendes lyk dit asof daar moontlik by verskeie plekke in Afrika versamelpunte ontstaan het.

Met die migrasie vanuit Suid-wes-Asië in Afrika in, het die Hamiete moontlik al langs die Nyl af beweeg waar vermenging ontstaan het met Negroïedegroepe langs die oostelike gedeeltes van Afrika in die omgewing van die Tanakom en die Victoriameer.

Migrasies na die westelike gedeeltes het moontlik ook plaasgevind en nuwe versamelpunte het ontstaan in Tsjad en die noordelike dele van Nigerië. Die migrasies na die weste het geskied via die Sahelgebied. Bevolkingstoename, verbetering van landbou, inkrimping van die gunstige Saharagebied, die gebruik van yster en die verbouing van tropiese gewasse het voorts daartoe bygedra dat die Bantoetaalsprekendes in die Kongo-bekken of die huidige Kantangastreek vergader het.

Moontlike bevolkingsdruk het die Bantoetaalsprekendes verder laat trek na die Skeurvalleigebied, óm die digte woude van Afrika, verder suidwaarts na suidelike Afrika.

2.5.6 Ander gesigspunte omtrent die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes

Uit die literatuur en die mondelinge oorleweringe oor die herkoms van die Bantoetaalsprekendes het dit duidelik geblyk dat hulle oorsprong iewers in die ooste gesoek moet word.

Om hierdie rede het daar verskeie teorieë ontstaan dat die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes asook die oorsprong van die mens in die algemeen in Suid-wes-Asië gesoek moet word, in die teenswoordige Mesopotamië.

Nuwe opgrawings en kennis het egter aan die lig gebring dat die oorsprong van die mens en van die Bantoetaalsprekendes se voorouers waarskynlik in Afrika gesoek moet word en nie in Asië nie.

Volgens Ki-Zerbo (1981:274) het die “Asiatiese teorieë” in diskrediet verval nadat belangrike argeologiese opgrawings gemaak is wat ’n chronologiese volgorde van die mens se ontwikkeling in Afrika aandui. Hy is verder van mening dat die Neolitiese revolusie 4 000 jaar vroeër in Afrika as in Asië plaasgevind het. Opgrawings van gereedskap dui ook daarop dat sekere gereedskapstukke vanaf Afrika versprei het na Europa en Asië (Griffiths, 1984:30-31).

In die lig van bogenoemde is dit die gangbare siening dat Afrika die wieg van die mens is; in Afrika het die mens sy oorsprong gehad. Deur die eeue het ontwikkeling plaasgevind: migrasie het na Asië geskied om later weer terug te keer na Afrika (Ki-Zerbo, 1981:275).

In die lig van moderne navorsing oor die begrip “ras” meen bioloë dat die gebruik van duidelike “rasgrense” ook verouderd is en dat daar nie op ’n eenvoudige wyse van verskillende “rasse” gepraat kan word nie, omdat dieselfde gene by alle mensegroepe voorkom (vgl. King, 1971).

Verandering in beskouing het nie net by wetenskaplikes ontwikkel rondom die rasbegrip nie, maar ook aangaande die duidelikheid waarmee kulturele grense aangedui kan word. Vandag word baie meer algemeen aanvaar dat kultuurgroepe (of dan “beskawings”) se grense nie werklik empiries aangedui kan word nie (vgl. Thornton, 1988) en relatief maklik oorgesteek word. In die lig hiervan moet besef word dat die hantering van begrippe oor “rasse” in hierdie studie nie ’n standpuntinname is wat beskouing van geslotenheid en strak grense veronderstel en impliseer nie, maar slegs ’n praktiese hantering van bestaande begrippe soos dit in die literatuur voorkom.

2.5.7 Die opvoedkundige implikasies en betekenis van die herkomsgeskiedenis

2.5.7.1 Algemeen

Uit bogenoemde oorsig van die oorsprongs- en herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes van Suider-Afrika blyk dit ’n vergissing te wees om te meen dat die aanvangsdatum van die opvoedings- en onderwysgeskiedenis van hierdie mense op 1652 vasgepen kan word. Dié datum is wel die aanvangsdatum van die blankes se bemoeienis met die swartmense van Suider-Afrika toe eersgenoemde hier ’n verversingspos gestig het (vgl. par. 1.4).

Die opvoedingsgeskiedenis van die swartes gaan inderdaad sover as 2 500 jaar in die verlede in en selfs nog verder, tot 10 000 v.C. terug.

In die bepaling van die opvoedkundige implikasies en betekenis van die gebeure wat so ver van die huidige tyd verwyderd lê en waarvan die opvoedingsfasette nie voor die hand liggend is nie, moet daar met groot versigtigheid te werk gegaan word. Die gevaar bestaan dat die opvoedkundige 'n bepaalde opvoedingsbetekenis kan inlees in verskynsels alhoewel dit nie daarin was nie. Terselfdertyd kan dit gebeur dat sekere opvoedingsfasette misgekyk kan word wat wel daarin was. Die volgende skyn die belangrikste te wees as teen die twee uiterstes gewaak wil word (Van der Walt, 1991:242).

2.5.7.2 Betreffende die mondelinge tradisie

1. Uit die voorafgaande oorsig blyk dit duidelik dat die volksverlede deur middel van mondelinge oorlewering in die vorm van mites, legendes, fabels, gedigte ensovoorts van die een geslag na die ander oorgedra word (Hammond-Tooke, 1974:56) en dus in hierdie vorm vir die opkomende geslagte bewaar is (Leaver, 1962:2). In die meeste gevalle dien hierdie oorleweringe as die kollektiewe geheue van die volksgroep, en gaan meestal slegs sover terug as wat hierdie kollektiewe geheue die verlede in strek. Die opvoedkundige betekenis van die oorleweringe lê in die feit van die *oordrag* daarvan deur die ouer geslag na die jonger geslag: opvoeding is die vermoë waaroor die mens beskik om die dinge wat deur die ouer geslag as waardevol beskou word, aan die volgende geslag *oor te dra*. In sekere gemeenskappe waar spesialisasie voorgekom het, is die memorisering van historiese gebeure en aspekte wat van belang is aan sekere persone opgedra om te sorg dat kennis behoue bly en aan die nageslag oorgedra word (Martin en O'Meara, 1977:551).
2. Die mondelinge tradisie (oorleweringe) dui daarop dat daar by mense soos die Bantoe-taalsprekendes 'n behoefte bestaan om die herkoms en die oorsprong van die betrokke groep onder woorde te bring en te verklaar (Radin, 1965:4). Die mense wil weet waarvandaan hulle kom, en wil die verhaal daarvan aan die jonger geslagte oordra. Ook deur middel hiervan word 'n tradisie geskep en word vermoedelik 'n *hegte gesindheid* tussen die lede van 'n gemeenskap opgebou (Davidson, 1978: 156-157).
3. In die mondelinge tradisie word telkens gewag gemaak van 'n skepper/god (par. 2.4). Hierdie skepper/god gee oorsprong aan die mens en aan al die ander dinge in die skepping, en hy gebruik boodskappers en mense om sy opdragte uit te voer. Die feit dat dit so is, verraaï 'n diepgestelde behoefte by die mens aan *religieuse vastigheid en*

sekerheid. Deur middel van die mondelinge tradisie word hierdie *vestigheid en sekerheid aan die kinders oorgedra* (Olaniyan, 1982:1). Opvoedkundig is dit verantwoord: in terme van psigo-opvoedkundige insigte wat eeue later onder woorde gebring is, het die jong kind waarskynlik behoefte aan geborgenheid, sekerheid en 'n voorspelbare omgewing (Louw, 1990:220-221, 508-510).

4. Die gebeure rondom die eerste kind (par. 2.2) soos in die mite beskryf, is ook opvoedkundig insiggewend. Die geboorte van die eerste kind is volgens die mondelinge tradisie 'n krisisgebeurtenis, maar spoedig ontdek die vroue dat hulle ook kinders wil hê. Die behoefte aan *aandag en liefde by die kind roep die bemoeienis van die grootmens na vore*, en dit gee weer op sy beurt oorsprong aan werklike opvoedingsbemoeienis. Gebrek aan insig oor hoe lewe verwek word, gee aanleiding tot konsternasie by die geboorte van die eerste kind - dermate dat die vrou wat geboorte geskenk het om die lewe gebring moes word. Hierdie konsternasie is in die daaropvolgende geslagte uitgeskakel deur tradisionele *geslagsonderrig* - onder andere in die inisiasieskole.
5. Opvoedkundig betekenisvol is die feit dat die eerste kind *liefdevol versorg* is. Die mondelinge tradisie maak hiervan spesiale melding. Latere opvoedkundige besinning het aan die lig gebring dat liefdevolle versorging as die kern van die opvoedingsbemoeienis met die kind verstaan kan word (Gordon: 1975:41; Louw, 1990:222).
6. Die mondelinge tradisie bevat ook verklarings vir die feit dat die mens groente eet en met beeste en skape boer (par. 2.2). In die oorleweringe aan die opkomende geslag word daar dus nie slegs aangesluit by laasgenoemde se leefwêreld nie, maar word daar ook verklarings vir die oorsprong van die dinge *in die leefwêreld gegee*. Op hierdie wyse word sinvolle antwoorde gegee op die vrae wat die kind aangaande die dinge rondom hom stel. Die *les* dat groente voedsaam is, gaan dan bes moontlik ook nie ongemerk by die kind wat die oorvertelling aanhoor, verby nie.
7. Die kerngedagte in die mondelinge tradisie dat die mense almal hulle oorsprong in die ooste het (Ntsoana Tsatsi - waar die son opkom (par 2.2)), bind nie slegs alle mense aan mekaar nie, maar verskaf ook aan die individu 'n *oriënteringspunt*. Die feit dat dit met die opkomende son te doen het, is waarskynlik ook betekenisvol: nie alleen skyn dit of die mense in feite hulle oorsprong in die ooste het nie, maar dit dui ook op die lewenskrag en lig. Opvoedkundig gesproke kan hierdie besef nie slegs lei tot 'n *gevoel van solidariteit* tussen die lede van die groep onderling en met ander mense nie, maar ook tot 'n *positiewe aanvaarding van die self*.

8. Die mite aangaande die oorsprong van die mens uit 'n gat in die aarde wat aangetoon kan word (par.2.3), het opvoedkundig beskou twee betekenis: daar word aangesluit by gegewens (die gat) in die *eie omgewing*, en sodoende word *solidariteit* opgebou met die omgewing waarin gewoon word; ook het 'n mens hier met 'n vorm van ondoelbewuste *aanskouingsonderwys* te doen - die kind neem die plek waar die mens sy oorsprong na bewering gekry het, met sy eie oë waar.
9. Die gedagte dat al die Bantoetaalsprekende swartmense die kinders van een moeder is (par. 2.4), is ook opvoedkundig insiggewend: dit verraa die *belangrike plek wat die moeder* as die gewer van die lewe in hierdie verhale speel. Latere opvoedkundige waarnemings bevestig die gedagte van die belangrikheid van die kind se *binding met die moeder* (Gordon, 1975: 44-45).
10. Die mondelinge tradisie vervul die belangrike rol van die *oordrag van die geskiedenis* van die volksgroep. 'n Mens bemark uit die mondelinge tradisie egter dat die geskiedenis nie om sy eie ontwil aan die opkomende geslag oorgedra word nie, maar met die doel om die diepste eksistensiële vrae van die jongmense en die kinders te beantwoord.

2.5.7.3 Betreffende die oorsprongsteorieë

1. Dit is vir die opvoedkundige belangrik om te bepaal of die teorieë aangaande die oorsprong en die herkoms van die Bantoetaalsprekende mense aansluit by die mondelinge tradisie van hierdie mense. Uit die oorsig van die mondelinge tradisie en die teorieë hierbo wil dit voorkom asof daar raakpunte is en dat hulle mekaar onderling aanvul tot 'n samehangende geheelbeeld. Indien dit nie die geval was nie, moet 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die mondelinge tradisie wat van geslag tot geslag oorgelewer is, geen feitebasis het of gehad het nie, of omgekeerd dat die wetenskaplike teorieë geen verband hou met die *werklik geskepte/gekonstrueerde leefwêreld* van die mense self nie. Dit kan egter gekonstateer word dat dit skynbaar nie in hierdie verband die geval is nie.
2. Die teorieë bring die feit van opeenvolgende kultuurtydperke aan die lig. Dit kan beskou word as die ontplooiing van die kultuur onder die hand van God. Die mondelinge tradisie gee ook blyke van 'n besef onder die mense van *kultuurontplooiing* en die verskille tussen die verskillende kultuurtydperke: so byvoorbeeld word in die mondelinge tradisie onthou dat daar 'n tyd was dat die mense met klip en been gewerk het, nie vuur geken het nie en vleis rou geëet het (par. 2.5.2). Die opvoeding (*vorming en toerusting*) van

die kinders in elkeen van die onderskeie kultuurtydperke het met die moontlikhede en die beperkinge van die betrokke tydperk rekening gehou.

3. Uit die teorieë sowel as uit die mondelinge oorleweringe blyk dit dat die ouer geslag telkens hulle daarop toegespits het om die opkomende geslag *toe te rus om die omgewing te beheers*. Afgesien daarvan dat dit in ooreenstemming met die mens se basiese kultuuropdrag is, dui dit op *enkulturasie*: die opkomende geslag moet *ingelei word in die bemeesting* van die tegnologie waarmee die omgewing beheers moet word.
4. Dit dui egter ook op *akkulturasie*. Die aanraking van die Bantoetaalsprekendes met die Nok-kultuur het eersgenoemde byvoorbeeld bekend gestel met die ysterbewerkings-tegnologie. Die aanraking met die Hamiete het die egte Negers bekend gemaak met byvoorbeeld die skoffelpik en ander nuwere ontwikkelinge op die gebied van landbou. Deur sodanige akkulturasieprosesse word die mense in staat gestel om hulle omgewing beter te beheers: met kennis van ysterbewerking kon die Bantoetaalsprekendes die reënwoude binnedring, en dit tem vir landboudoeleindes. Met die kennis van veeteelt wat hulle van die Hamitiese volke oorgeneem het, het die Bantoetaalsprekendes 'n formidabele bees-kultuur opgebou. Dit is opvoedkundig betekenisvol: dit dui daarop dat opvoeding nie slegs tot kinders beperk kan wees nie - ook volwassenes *word gevorm* deur mense wat kultureel gesproke op 'n hoër ontwikkelingsvlak as hulleself verkeer.
5. Uit die oorsig van die herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes hierbo kom 'n mens duidelik onder die besef dat die mens toegerus is met die *vermoë om tegnologie te ontwikkel* om gebruik te maak van dit wat in die omgewing voorhande is (klip, been, yster), en om die omgewing te beheers. In die lig van algemeen menslike ervaring kan aanvaar word dat ouers en ander opvoeders hierdie vermoë by hulle kinders in die besonder en die opkomende geslag in die algemeen probeer *stimuleer* het. Juis as gevolg hiervan vind kultuurontploffing plaas.
6. Die bemeesting van toenemende hoërvlak tegnologie maak *spesialisering* in die gemeenskap moontlik. Toe die kuns van ysterbewerking deur die Bantoetaalsprekendes bemeester is, het die ambag van die ystersmid tot stand gekom. Op dieselfde wyse het ander *spesialiseringe* in die gemeenskap ontstaan, en die gevolg daarvan is weer 'n groter mate van gevestigtheid (anders as in die geval van die nomadiese lewe van die jagter-versamelaar). Opvoedkundig gesproke het hierdie toedrag van sake besondere betekenis: kennis en opleiding moes gegee word ten einde jongmanne en -vroue vir hierdie gespesialiseerde beroepe en ambagte *te bekwaam*.

2.5.8 Samevatting

Uit die oorsig oor die vroegste herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes kom daar duidelike opvoedingshandelinge na vore wat die Bantoetaalsprekendes lank voor die historiese basislyn alreeds beoefen het. Die Bantoetaalsprekendes, wat ontstaan het uit verskillende groepe, het van elkeen van hierdie groepe karaktereienskappe, tradisies en kultuurgebruike oorgeneem.

Die Bantoetaalsprekende het waar hy hom bevind het, by sy omgewing aangepas, geleer om dit te beheers en te gebruik tot sy eie voordeel.

Sy eie kultuurhistoriese oorsprong en tradisie is deur oorvertelling in die volksbewussyn vasgelê en dit strook met die oorsprongsteorieë wat met behulp van wetenskaplike kennis opgebou is.

Uit die herkoms- en oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes blyk dit dan ook dat daar al in die verre verlede duidelik herkenbare opvoedings- en onderwyshandelinge onder die swartes was.

3 DIE EGIPTIESE (5 000 v.C. - 1 087 v.C.) EN NUBIESE (2 000 v.C.-600 v.C.) RYKE EN DIE MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN VIR DIE BANTOETAALSPREKENDE MENSE

3.1 INLEIDING

By die bestudering van die oorsprongs- en herkoms-geskiedenis van die Bantoetaalsprekendes en die moontlike opvoedkundige trefkrag wat sekere ryke op hulle gehad het, is dit wenslik om 'n tydlyn te probeer trek vir die tydperk onder bespreking, naamlik van 10 000 v.C. tot en met Christus se geboorte. Die hoogtepunte van so 'n lys met kerngegewens sal min of meer soos volg daar uitsien (vgl. in dié verband Nöthling, 1989; Gailey, 1970; McEvedy, 1980), en sal verduidelik hoe die gebeure en die gegewens wat in die volgende drie hoofstukke beskryf en aangebied word, inmekaar pas.

- ±10 000 v.C.
 - ❑ Begin van die Neolitiese kultuur.
 - ❑ Diere word gedomestikeer. Landbou word beoefen. Die nomadiese lewenstyl begin verdwyn. Mense begin om in gemeenskappe te vestig.
 - ❑ Mense begin produseer vir eie behoeftes.
 - ❑ Spesiale kunste soos skrif en skilderkuns word ontwikkel.
- 8 000 v.C.
 - ❑ Verskillende “rasse” identifiseerbaar in Afrika.
 - ❑ Hamiet-Semitiese groepe - hoofsaaklik Berbers, Egiptenare en Kusiete in Noord- en Noord-oos Afrika.
 - ❑ Nilo-Sahara inwoners - hoofsaaklik teenwoordig in die middel-Nyl-vallei.
 - ❑ Negroïede (egte Negers) in woudgedeeltes van Wes-Afrika.
 - ❑ Pigmeë - sentrale gedeeltes van Afrika in die reënwoodgebied van die Zaïrekom.
 - ❑ San - oostelike en suidelike dele van Afrika.
- 7 000 v.C.
 - ❑ Neolitiese kultuur raak gevestig in Asië.

- 5 000 v.C.
 - Semitiese instroming vanuit die Midde-Ooste.
 - Nilote ontstaan as gevolg van vermenging tussen Semitiese en Negroïede.
 - Egipte vóór die dinastiese ryke.
 - Neolitiese kultuur bestaan al in Noord-Afrika.
- 4 000 v.C.
 - Die Neolitiese kultuur raak gevestig, veral in die riviervalleie van die Tigris- en Eufraatriviere in Mesopotamië en die Nylvallei.
- 3 200 v.C.
 - Menes begin die dinastiese ryke in Egipte.
 - Die aanvang van die Ou Koninkryk in Egipte.
- 3 000 v.C.
 - Verspreide Negroïede en Kaukasiese kulture vestig in Noord-Afrika en die Soedan.
 - Bronstydperk in Egipte.
- 2 500 v.C.
 - Verdagting van die Sahara word kritiek vir menslike bewoning en toestroming van mense vind plaas na die Soedangebied ten suide van die Sahara asook na die Nylvallei.
- 2 100 v.C.
 - Aanvang van die Middel-Koninkryk in Egipte.
- 2 000 v.C.
 - Die Nokkultuur vestig in Nigerië.
- 1 900 v.C.
 - Nubië op kruin van ontwikkeling.
 - Beleef besondere voorspoed en welvaart.
- 1 575 v.C.
 - Aanvang van die Nuwe Koninkryk in Egipte.
- 1 500 v.C.
 - Bronstydperk in Nubië.

- 950 v.C.
 - Die Kusiete bevry hulself van Egiptiese heerskappy en ontwikkel as soewereine ryk.
- 700 v.C.
 - Kennis van ysterbewerking versprei vanaf die Assiriërs na Egipte.
- 332 v.C.
 - Alexander die Grote beëindig die era van die dinastiese ryke in Egipte.
- 300 v.C.
 - Meroë op die kruin van kultuurontwikkeling. Mense met kennis van die landbou, veeteelt, pottebakkerie, yster- en metaalbewerking word rondom die Groot Mere gevind.
- 250 v.C.
 - Die Nokkultuur floreer. Prominente kunswerke van juwele en terracottabeelde word gemaak. Die bewerking van yster word op hoë vlak beoefen.
- 200 v.C.
 - Nok op die kruin van sy ontwikkeling.
- 1 - 300 n.C.
 - Bantoetaalsprekendes besig om as onderskeibare groep te vorm in Niger-Benue-riviergebied en suidwaartse beweging begin.

Voordat die verskillende ryke en beskawings wat die voorouers van die Bantoetaalsprekendes beïnvloed het, bespreek word, is dit ook wenslik om 'n samehangende beeld te probeer verkry aangaande die oorsprongsverhaal van die Bantoetaalsprekendes.

Verskeie historici is van mening dat in die verre prehistoriese verlede donkervellige, “fuzzy-haired” Negermense in opeenvolgende migrasiegolwe uit die Midde-Oosterse gebied gekom het (vgl. Bryant, 1963:1,55) wat hulle oor die hele Soedannese savanna gevestig het (Wills, 1980,78-79; Gailey, 1971:30) vanaf die bo-lope van die Nylrivier tot aan die weskus van Afrika. Die egte Neger het die woud- en bosstreke van Wes-Afrika bewoon (Mc Evedy, 1980:20; Posnansky, 1981:538, Gailey, 1971:14, 16).

Volgens Gailey (1971:30) sou hierdie migrasies in die omstreke van $\pm 10\ 000$ v.C. plaasgevind het. Teen ongeveer 5 000 v.C. het daar vanuit die Midde-Ooste Semitiese en

proto-Hamitiese instrominge na Afrika plaasgevind. Die Hamiete het na veronderstelling via Noord-Afrika die Soedan vanaf Arabië binnegekom.

Die Hamiete het die Negermense wat hulle vooruitgegaan het, in die Soedan-Tsjad-Kameeroengebied ontmoet. Hier het 'n uitruiling van kennis op die gebied van landbou plaasgevind en daar het ook vermenging tussen die Negers en Hamiete tot stand gekom (Wills, 1980:78-79; Ki-Zerbo, 1981:273) wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Bantoetaalsprekendes. Hierdie vermenging sou $\pm 3\ 000$ v.C. begin het en daar sou vir 'n aantal eeue daarna nog steeds vermenging plaasvind.

Gedurende dieselfde tyd ($\pm 3\ 500$ v.C.) het die Egiptiese Ryk begin vorm aanneem en beskawings het ontstaan in Nubië (by Meroë).

In die Soedangebied het 'n beskawing by Nok ontstaan as gevolg van die bewerking van yster. By die samevloei van die Benue- en Nigerriviere was dan die eerste versamelpunt van die Bantoetaalsprekendes teen ± 500 v.C. (vgl. Davidson, 1969:16, 17; Mc Evedy, 1980:20; Gailey, 1971: 31).

Teen ongeveer die geboorte van Christus en die paar eeue wat daarna volg, het die Bantoetaalsprekendes verder suid begin trek deur die Kameroen/Gaboengebied en Zaïre/Kongokom na die suidelike gedeeltes van Afrika (Gailey, 1971:31; Mc Evedy, 1980:32; Solanke, 1982:23).

Teen hierdie agtergrond van die beweging van die voorouers van die Bantoetaalsprekendes tot en met die ontstaan van die Bantoetaalsprekendes as 'n onderskeibare groep mense en hulle suidwaartse beweging, kan daar nou gepoog word om te bepaal watter invloed die Egiptiese en Nubië-ryke moontlik op die opvoedkundige ontwikkeling in Neger-Afrika gehad het.

3.2 DIE EGIPTIESE RYK: ORIËTERING

Daar bestaan vandag 'n hele aantal stydvrae oor die presiese tyd en oor presies watter mense verantwoordelik was vir die ontstaan van die agtereenvolgende Egiptiese Ryke, naamlik die Voor-Dinastiese Ryk, die Ou Koninkryk, die Middel-Koninkryk en die Nuwe Koninkryk (kyk datumlyn hierbo in 3.1). Egiptoloë is dit eens dat die Nyl die slagaar van die beskawings in die noordoostelike hoek van Afrika was, daarom is dit ook geen wonder nie dat die Griekse geskiedkundige Herodotus in die vyfde eeu v.C. Egipte as 'n "gawe van die Nyl" beskryf het (Nöthling, 1989:22; Fajana & Biggs, 1969:17).

Die besetting van die Nylvallei deur mense het alreeds begin met die aanvang van die Neolitiese revolusie in Noord-Afrika (teen 5 000 v.C.) toe die mense vanaf 'n herdersbestaan oorgegaan het na akkerbou en hulself gevolglik in nedersettings begin vestig het (Nöthling, 1989:12).

Volgens Davidson (1969:11) het die vrugbare Nylgebied in die omgewing van 7 000 v.C. die bewoonbare vorm aangeneem soos wat dit vandag daar uitsien. Teen ongeveer 4 000 v.C. het die vroegste bewoners die vrugbare grond bewerk en produkte vir menslike gebruik op 'n gereelde grondslag gelewer.

As gevolg van sy besondere ligging ten opsigte van Europa, Afrika, Asië en die Mediterreense gebiede het die bevolking van Egipte ontwikkel uit verskillende rasse en kulture. Nöthling (1989:22) en McEvedy (1980:20) is van mening dat die vroegste inwoners van Egipte bestaan het uit Kaukasiese “rasse” vanuit Asië soos Hamiete en Semiete en dat rassevermenging voortdurend aan die gang was en dat selfs in 2 000 v.C. Negroïede bevolkingsgroepe ook met hierdie groepe vermeng geraak het.

Vanweë die besondere ligging van Egipte ten opsigte van die Midde-Ooste en die vernaamste handelsroetes, die vermoë van die mense om die Nyl se vloedwater te beheer, die kennis van goud-, silwer- en ysterbewerking en kennis van die wiskunde en wetenskap het twee koninkryke hier tot stand gekom wat vir eeue lank toonaangewend was (Nöthling, 1989:24; Oliver en Fage, 1972:35-36).

3.3 DIE VOOR-DINASTIESE EGIPTE (5 000 v.C. - 3 000 v.C.)

Dié tydperk is gekenmerk deur die ontwikkeling van die landbou langs die Nylrivier en die beheer van die Nyl se vloedwater. Die mense in die Nylvallei het kontak met Mesopotamië gehad en kennis is opgedoen van pottebakkerie, bakstene en Hiëroglifiese skrif is ook in hierdie tydperk ontwikkel. Teen 4 000 v.C. het hulle die ystertydperk betree en koper-, goud- en silwerbewerking was alreeds aan hulle bekend (Nöthling, 1989:24). Langs die Nylrivier het die mense in los gemeenskappe gewoon, elkeen onder die beheer van 'n hoofman. Daar was nie sprake van eenheid nie en Egipte het staatkundig ontwikkel as twee domeine, naamlik Benede-Egipte wat die moerasgedeelte van die delta ingesluit het, en Bo-Egipte wat verder suidwaarts gestrek het. Met die unifikasie van die twee gedeeltes teen 3 200 v.C. het Menes die grondslag gelê vir die totstandkoming van 'n verenigde Egipte onder een koning of FARAO (Oliver, 1969:7-8; Nöthling, 1989:24; McEvedy, 1980:22). Menes het tot sy eie eer heelwat monumente gebou asook die stad Memphis waar hy gewoon

het. Hy was die koning van die eerste dinastiese ryk van die dertig ryke wat gevolg het tot met die oorname van Alexander die Grote in 332 v.C.

3.4 DIE OU-KONINKRYK (3 200 v.C. - 2 800 v.C.)

Die derde dinastie het die Ou-Koninkryk ingelui onder die koningskap van Zoser, wat 'n sterk en bekwame leier was.

Hoogtepunte van die Ou-Koninkryk was veral die bou van piramides, tempels en monumente. I-em-htp, 'n bekwame argitek, dokter, priester, towenaar en skrywer, was die vader van die terraspiramide en was 'n sterk leier onder Zoser (Abu Bakr, 1981:91).

In hierdie tydperk het Cheops vir homself die grootse piramide gebou wat vandag nog te sien is by Giza naby Kaïro. Die Farao's het as teokratiese despote regeer en hulle is deur hulle onderdane as koning en god vereer, wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die goddelike koningskap wat in Egipte aan die orde van die dag was en wat later deur buurgroepe oorgeneem is (Nöthling, 1989:25; Seligman, 1934:3).

Gedurende hierdie tydperk het die beskawing van Egipte 'n hoë standaard bereik. Intensiewe landboumetodes is toegepas, soos besproeiingskemas, die skryfkuns is verder ontwikkel, die kalender is verbeter, beeldhou en kunswerke het gedy. Die pottewerke is uitgevind en die Egiptenare het 'n goeie kennis van wiskunde, landmeting, astronomie en die mediese wetenskap gehad (Nöthling, 1989:26; Davidson, 1978:13).

Die Farao's van die Ou-Koninkryk het die landsgrense vergroot na die weste, ooste en suide sodat die handhawing van orde 'n al hoe groter probleem geword het. Die krag van die sentrale regering het afgeneem, onrus tussen burgerlikes het toegeneem en oorloë het plaasgevind tussen die prinse en goewerneurs van verafgeleë gebiede.

Die negentigjare lange regeringstydperk van die swak Farao Pepi II het ook die einde van die Ou-Koninkryk beteken (Gailey, 1970:34; Davidson, 1978:13).

3.5 DIE MIDDEL-KONINKRYK (2 100 v.C. - 1 750 v.C.)

Na die verval van die Ou-Koninkryk was Egipte vir 'n tyd lank ongeorganiseerd en onderling verdeeld. Die Herakleopolitane het die deltagedeelte onder hulle beheer gebring. Ongewens-

te Libiërs en Asaniërs is gedeporteer en grense is weer versterk. Die hoofstad is verskuif na Thebes in die Middel-Nyl-vallei in die tyd van Amenemhet I en die unifikasie was voltooi teen 2 065 v.C. met Methuhotep II aan die stuur (Gailey, 1970:34; Abu Bakr, 1981:97; Nöthling, 1989:26).

Dié periode kan gesien word as die eerste demokratiese koninkryk. Mense, afgesien van geboorte, het sleutelposte gekry en kon grond besit. Dit was 'n bloeitydperk vir sosiale regte en intellektuele prestasies. Die letterkunde en argitektuur het gedy. Daar was 'n vraag na luukshede, en ivoor, goud, edelstene en duursame houtsoorte is ingevoer. Nuwe myne is geopen in Sinaï en Nubië en handelsbetrekkings is met Sirië en die Midde-Ooste versterk. Handel met die Soedan is uitgebrei en die roetes na die land Punt en die Rooi-See het belangrik geword. Damme, kanale, tempels en forte is gebou. Die landgebied van Nubië is onderwerp en by Egipte ingelyf teen 2 000 v.C. en vir drie en 'n halwe eeu vanaf 2 130 v.C. het die Egiptiese beskawing die omliggende lande beïnvloed (Davidson, 1969:26; Gailey, 1970:34; Nöthling, 1989:27; McEvedy, 1980:24).

Gedurende 1 786 v.C. en 1 575 v.C. het Egipte weer in wanorde verval as gevolg van opstande van edelmannen wat die mag van die Farao's verswak het. Dit het Egipte onder heerskappy van Amenemhet III verswak sodat 'n strydvlustige nomadiese horde uit Asië, die Hyksos, Egipte kon binneval en die mense onderwerp. Dié inval het omtrent 1 750 v.C. plaasgevind en die Hyksos het redelik maklik die oorhand gekry omdat hulle beter wapens gehad het. Die Hyksos het wapens van brons gehad en het beskik oor perde en strydwagens (Gailey, 1970:35; Nöthling, 1989:27).

Die Hyksos het sowat 150 jaar lank Egipte onderwerp en die belangrikste kenmerke van die tyd was dat hulle beter wapens en militêre kennis aan Egipte oorgedra het. Ook het die oorheersing van vreemdes die Egiptenare geskok sodat nasionalisme onder hulle versterk is en teen 1 577 v.C. is die Hyksos uit Egipte verdryf onder leiding van koning Ahmes I (Abu Bakr, 1981:99; vergelyk ook Curtin, 1978:50).

3.6 DIE NUWE-KONINKRYK (1 575 v.C. - 1 087 v.C.)

Davidson (1969:26-27) is van mening dat die Hyksos-episode die burokrasie in die Egiptiese parlement so geskud het dat daar 'n totale opgradering van bestuur gevolg het. Dit het meegebring dat van die sterkste Farao's gedurende die periode regeer het, soos Ahmoses I, Amenhotep I, Thutmoses I, koningin Hatshepsut, Tutankhamen, Ramses I, Ramses II en Seti I, en andere (Abu Bakr, 1981:88).

Hierdie tydperk is gekenmerk deur militêre uitbreiding: teen 1 541 v.C. en 1 516 v.C. was Sirië, Palestina en Fenicië onder Egiptiese beheer.

Handel het gedy en slawe, goud, vee, hout, wyn, olie, graan, juwele en pottbakkersware is op groot skaal ingevoer uit omliggende en nuut oorwonne gebiede.

So 'n groot gebied was moeilik regeerbaar en Egipte het sy houvas verloor op Palestina en Sirië en volgens Nöthling (1989:29) het die Egiptenare hulself so besig gehou met die probleem van onsterflikheid dat verval weer eens ingetree het. Teen 1 147 v.C. het die Libiërs en Nubiërs die Egiptiese juk afgeskud. Teen 332 v.C. het Alexander die Grote 'n einde aan die era van die Farao's gebring.

3.7 KONTAK VAN DIE EGIPTIESE RYK MET NEGER-AFRIKA

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Egiptiese ryk vanaf 5 000 v.C. tot en met 'n paar eeue voor die geboorte van Christus gekenmerk is deur glorieryke tye, voorspoed, oorloë, oorheersing, ontwikkeling van die wiskunde en die wetenskap asook op staatkundige en administratiewe gebied (Little, 1958:20). Tesame hiermee was daar 'n ongekende ontwikkeling op die gebied van besproeiingsboerdery asook ten opsigte van die ontwikkeling van die kunste.

Volgens Zayed (1981:136) staan sekere navorsers nog skepties oor wanneer en hoe daar kontak deur Egipte met die binneland van Neger-Afrika gemaak is. Sekere teorieë rondom die kwessie moet nog bevestig word, maar daar is tog bepaalde gebeurtenisse wat vroeë kontak met die binneland van Afrika skyn te bevestig.

Egipte was geografies relatief geïsoleer en was ekonomies selfonderhoudend; tog het dié staat in noue kontak met die buitewêreld gelewe. Egipte se buitelandse betrekkinge kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik sy aanraking met gebiede buite Afrika en met ander gebiede in Afrika self (Van Aswegen, 1980:21).

Van die vroegste kontak met Neger-Afrika het waarskynlik plaasgevind teen ongeveer 3 000 v.C. deur handelaars wat die omgewing vanaf die Tsjad-meer tot die noordelike dele van Nigerië besoek het. Die bewyse hiervan is op grafkelders by Aswan gevind. Die handelaars het waardevolle ebbenhout, luiperdvelle, ivoor en selfs 'n dwergie na Egipte gebring (Oliver, 1969:8; Adam, 1981:236-237).

Op die walle van die Lualabarivier in Zaïre is daar 'n beeld van Osiris gevind wat terugdateer na sewe eeue voor Christus se geboorte. 'n Afbeelding van Thutmoses III (1 490 v.C. - 1 468 v.C.) is suid van die Zambezi gevind (Zayed, 1981:136). Tydens die bewind van Pepi II ($\pm$ 2 200 v.C.) het goewerneur Harkhuf verskeie ekspedisies na die land Jam en na die binneland van Afrika onderneem. Van die land Jam het die Egiptenare vroeër niks geweet nie (Davidson, 1978:13; Zayed, 1981:140).

Daar is historici wat beweer dat Farao Necho II (610 v.C. - 595 v.C.) ontdekkingstogte ter see na dele langs die kus van Afrika gestuur het en dat die seevaarders reg rondom die vasteland gevaar het (Zayed, 1981:148-149; Van Aswegen, 1980:22).

Oliver (1969:9) beweer dat die verskyning van Negers uit Afrika in die kunswerke van die Egiptenare bewys lewer dat daar alreeds teen 1 500 v.C. kontak met die binneland van Afrika gemaak is. Roetes soos die Bayuda en Korosko het Egipte met die binneland tot by die Soedan verbind en volgens Adams (1977:314) strek die gebruik van die roetes so ver in die verlede terug as 1 500 v.C. .

Dit blyk dus dat die Egiptiese Ryk, wat bestaan het van 5 000 v.C. tot ongeveer 332 v.C., in die lang termyn tog in aanraking met die inwoners van Midde-Afrika vanaf die land Punt in die ooste tot by Nigerië in die weste gekom het. Daar sal nou gepoog word om te bepaal watter wedersydse invloede daar tussen Egipte en die voorouers van die Bantoetaalsprekendes was.

3.8 DIE MOONTLIKE WEDERSYDE INVLOEDE TUSSEN DIE EGIPTIESE RYK EN DIE VOOROUERS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES

3.8.1 Algemeen

Om die opvoedkundige betekenis te kan bepaal van die gebeure wat plaasgevind het in die aanraking tussen die Egiptiese Ryk en die Bantoetaalsprekendes is dit nodig om na te gaan op watter wyse en op watter terreine daar kontak tussen die Egiptenare en die Negroïede van Afrika was.

3.8.2 Handel en landbou

Johnston (s.a.:33) is van mening dat die vroeë Negroïede teen ongeveer 10 000 v.C. geen landbou beoefen het nie en nie diere gedomestikeer het nie, maar dat hierdie praktyke

aangeleer is deur kontak met die Egiptenare wat dit oorspronklik van die Midde-Ooste oorgeneem het.

Die Egiptenare het verskeie kere in die lang periode van hulle bestaan ekspedisies gestuur om goedere van Afrika af in te voer. Vanaf die sentrale dele van Afrika is slawe, ivoor, velle, volstruiseiers en vere, olie, goud, silwer en koper ingevoer (Adams, 1977:165-168; Davidson, 1968:25). Handelsbetrekkinge met die land Punt het gedurende die bewind van koningin Hatshepsut I (1503- 1481 v.C.) en hout, wierook, mirre, diere en ook mense is na Egipte gebring (Nöthling, 1989:36; Van Aswegen, 1980:22).

As gevolg van handel wat Egipte met die mense suid van die Sahara gedryf het, het die inwoners van laasgenoemde gebiede heelwat van die Egiptenare ontvang.

Johnston (s.a.:49) is van mening dat koring, graansorgum, ertjies, boontjies en pampoene deur die Egiptenare na Neger-Afrika versprei is (Johnston, s.a.: 49). Hy is verder van mening dat sekere bees-, bok- en skaaprasse ook na Neger-Afrika versprei is deur die Egiptenare.

Om presiese datums te gee vir die verspreiding van bogenoemde is moeilik, maar volgens Johnston (s.a.:49-50) het die Egiptenare die kennis van gedomestikeerde diere en die verbouing van die gewasse hoofsaaklik van Midde-Asië ontvang tydens hulle oorloë met die gebiede, toe hulle groot dele van Midde-Asië oorheers het - soos Sirië en gedeeltes van Europa. Dit moes ongeveer teen 1577 v.C. gewees het, toe die juk van die Hyksos afgewerp is en Egipte op die kruin van ontwikkeling van sy Nuwe-Ryk was (Johnston, s.a.:46-47).

Daar kan geredelik aanvaar word dat daar in dié tyd verspreiding van kennis vanaf Egipte na Neger-Afrika was. Johnston beweer dat die hond duisende jare gelede deur Egiptenare aan die Negroïede bekend gestel is en dat die hoender byvoorbeeld teen 300 v.C. na Neger-Afrika versprei is deur die Egiptenare (Johnston, s.a.:58-59).

Meek (1925:5960) is ook van mening dat kassawa, erte, pampoen asook hoenders en mielies die Soedan bereik het vanaf Egipte gedurende die laaste millenium voor Christus. Hy skryf dit toe aan die migrasie van stamme gedurende hierdie tyd vanaf die noordooste en ooste van Afrika oor die Sahelgebied. Clark (1982:545) meen dat die tipe voedselproduksie wat in Egipte aanwesig was, van die vroeër dinastiese tydperk ($\pm 3\ 000$ v.C.) vanaf Suidwes-Asië oorgeneem is en verder versprei is na Neger-Afrika.

3.8.3 Kunsforme

Johnston (s.a.:33) beweer dat die vroeë Negroïede voor 10 000 v.C. bekend was met vuur, waarskynlik as gevolg van grasbrande, maar dat die kuns van vuurmaak aan hulle bekend geraak het deur kontak met die Egiptenare. Hy voer verder aan dat die Negroïede baie primitief was en dat hulle karige liggaamsversierings bestaan het uit tande en bene, krale en vere, as hooftooisels en dat vanweë kontak met die Egiptiese beskawing die Negroïede skynbaar ontwikkeling ondergaan het.

Volgens Oliver (1969:9) het daar in die kunswerke van die Egiptenare (voor 1 500 v.C.) afbeeldings van swartes en ape verskyn wat duidelik aantoon dat hulle kontak met die swartes gehad het en dat die swartes suid van die Sahara self ook tekeninge en versierings wat hulle op die Egiptiese bouwerke gesien het aan hulle bouwerke aangebring het (Oliver, 1969:9).

Oliver (1969:9) is verder ook van mening dat die sogenaamde vleismes, die “khepesh” wat onder die koninklikes van ekwatoriale-Afrika gevind is, afkomstig was van Egipte waar dit as koninklike waardigheidsteken gebruik is. Dit dateer uit ongeveer 1 300 v.C.

Die Egiptenare was moontlik die eerste mense wat die waarde van goud besef het en volgens Johnston (s.a.: 60) strek die soeke na goud so ver terug as 8 000 v.C. Johnston (s.a.:60) beweer dat Egiptiese tegnologie aangaande goud-, yster- en kopermyne asook die bewerking van die metale en kennis van weef, musiekinstrumente, bote, vlotte en pottebakkerie Neger-Afrika bereik het in die laaste 1 000 jaar voor Christus se geboorte. Die kuns van die vervaardiging van brons uit koper en tin is heel waarskynlik ook deur die Egiptenare versprei. Die kuns om brons te vervaardig is al in die tweede eeu v.C. in Nok beoefen (Talbot, 1969:18; Johnston, s.a.: 60-61). Meek (1925:60) beweer dat sekere Nigeriese gebruike, soos om persone gehurk te begrawe en te balsem, asook die gebruik van die gooiërie en die begrafnis van die goddelike koning, hulle oorsprong in Egipte het.

Volgens Van Aswegen (1980:23) is daar verskeie historici, taal- en volkekundiges wat nie saamstem dat Egipte wel 'n invloed op Neger-Afrika gehad het nie. Sommige beweer dat uitsprake hiervoor op te karige feitemateriaal berus. Dit wil in die jongste tyd voorkom of daar tegelyk onafhanklike ontwikkeling van beskawings op verskeie plekke in Afrika plaasgevind het wat mekaar wedersyds beïnvloed het. Hoe dit ook al sy, daar is navorsers wat beweer dat Egipte Neger-Afrika wel beïnvloed het.

Daar word vervolgens gelet op die opvoedkundige betekenis van die kontak tussen Egipte en die voorvaders van die Bantoetaalsprekendes in die periode 3 200 v.C. tot en met 332 v.C.

3.9 MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS VAN DIE AANRAKING TUSSEN DIE EGIPTIESE RYKE EN DIE VOOROUERS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES

3.9.1 Algemeen

Die tydperk vanaf 10 000 v.C. tot die geboorte van Christus skep vir die opvoedkundige navorser groot probleme ten opsigte van die Negroïede aangesien die tydperk so ver voor die historiese basislyn lê. Die periode lê so ver terug in die verlede dat van die *voorouers* van die Bantoetaalsprekendes gepraat moet word. Omdat hierdie ondersoek handel oor die oorsprong- en herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes, veral oor die opvoedkundige betekenis daarvan, sal daar nou gepoog word om te bepaal of daar enige opvoedkundige verband is tussen die Bantoetaalsprekendes se kunste, tradisies, gebruike en gewoontes en dié van die Egiptenare.

3.9.2 Die landbou

Johnston (vgl. 3.8) wys daarop dat die Negroïede wat woonagtig was in die noordelike dele van Afrika teen 10 000 v.C. nog nie kennis gehad het van landbou-aktiwiteite soos akkerbou en veeboerdery nie. Hulle moes dus blykbaar hoofsaaklik van die jag gelewe het vir voortbestaan. Weens kontak met die Egiptenare vanaf $\pm 10\,000$ v.C. wat saamhang met die Neolitiese revolusie, het die kennis van akkerbou en veeteelt die swartmense bereik sodat hulle ook die *kuns aangeleer het* om selfonderhoudend te boer. Op die gebied van die veeteelt het hulle *geleer* om beeste, skape en bokke mak te maak vir eie gebruik en op die gebied van die akkerbou is sekere groentesoorte, soos kassawe, erte, pampoen, koring, rog en mielies vir eie doeleindes aangeplant en verbou. Volgens Meek (1925:60) sou hulle dié kennis van die Egiptenare ontvang het vanaf $\pm 7\,000$ v.C. (Vgl. ook Wiedner, 1962:16.)

Die eenvoudiger Negroïede wat blykbaar tot ongeveer 10 000 v.C. 'n nomadiese bestaan van jag gevoer het, het as gevolg van hulle kontak met die mense van die Nylvallei, die Egiptenare, *kennis opgedoen* sodat hulle sekere *landboukunste aangeleer* het wat hulle in staat gestel het om in meer in hulle eie behoeftes te voorsien. Ambagte het verskyn wat voorheen onbekend was. Daar *is geleer* dat sekere vee getem kan word en vir aanteeldoel-eindes gehou kan word. Sekere akker-boutegniese *is aangeleer* om te sorg vir 'n oes. Die kennis wat opgedoen is, moes *oorgedra word aan die nageslag* en dit is deur die ouers aan kinders geleer.

3.9.3 Die kunste

In die kunswerke (vgl. 3.8) van die Egiptenare ($\pm 1\ 500$ v.C.) verskyn daar byvoorbeeld afbeeldings van swartmense en ape. Oliver (1969:9) meen dat die versierde man van die Egiptiese bouwerke van Kus die swartes suid van die Sahara *beïnvloed* het om self ook tekeninge en versierings in en aan hulle bouwerke aan te bring.

Hierdie wedersydse beïnvloeding kon by die Negroïede die *sin vir die mooie en skone in 'n sekere rigting help ontwikkel* het sodat daar 'n sekere mate van *kunsopvoeding en -beïnvloeding* plaasgevind het.

Talbot (1969:17) sê dat kenners van mening is dat die Egiptenare die kuns van koperbewerking vanaf Mesopotamië verkry het en dat die Egiptenare ($\pm 1\ 000$ v.C.) die verwerking daarvan in kunsvorm na dele suid van die Sahara en Wes-Afrika *versprei* het.

Daar kan dus aanvaar word dat sekere kunsvorme, soos byvoorbeeld versierings aan bouwerke, koperware, sekere koninklike waardigheidstekens, weef en musiekinstrumente Neger-Afrika bereik het en die Negroïede *beïnvloed* het sodat *nuwe talente ontwikkel* is waaruit nuwe ambagte soos dié van musiekmaker of instrumentmaker, skilder en wewer ontstaan het.

3.9.4 Godsdiens

Volgens Seligman (1934) wat 'n studie gemaak het van die goddelike Konings onder die Egiptenare (par. 3.4) en bevind het dat die verspreiding van hierdie opvatting na dele suid van die Sahara en Wes-Afrika plaasgevind het, kan daar aanvaar word dat daar ook 'n *uitruiling* van religieuse gebruike was tussen die Egiptenare en die Negroïede. Volgens Seligman (1934:3-4) het Egipte noue kontak gehad met mense tot in die hart van Neger-Afrika en die gedagte van die goddelike Koning is moontlik van die Egiptenare *oorgeneem* so ver terug as 1 750 v.C .

Begrafnisrites en die grafposisies van dooies wat die voorouers van die Bantoetaalsprekendes vanaf Egipte *oorgeneem* het, dui daarop dat daar 'n religieuse *invloed* na die mense suid van die Sahara *uitgegaan* het. Die opvoedkundige betekenis wat daaraan geheg kan word, is dat die Negroïede 'n opperwese buite hulleself erken het, dat die dooies met eerbied bejeën moes word en dat geglo is dat daar 'n lewe na die dood sal wees.

Waar die ongesofistikeerde godsdienstige opvoeding onder die vroeë stamme sekuriteit nagestreef het deur allerlei magiese en seremoniële optredes om die guns van geeste te probeer wen (Pistorius, 1982:24), kon die kontak met die Egiptenare dalk 'n verhoging in die gehalte van hulle opvoedingspraktyk teweeggebring het omdat daar op 'n meer geordende wyse religieuse gebruike aan die nageslag *oorgelewer is*.

3.10 DIE INVLOED VAN DIE NUBIESE RYK (±2 000 v.C. - 600 v.C.) OP DIE VOOROUERS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES EN DIE MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN

3.10.1 Inleiding

Die koninkryk van Kus oftewel Nubië het in die landstreek suid van Egipte gelê. Nubië het van die eerste stroomversnelling of katarak in die Nyl suidwaarts gestrek tot ongeveer die sesde katarak. Die ou Egiptenare het hierdie landstreek Kus genoem (vgl. McEvedy, 1980:24; Van Aswegen, 1980:28).

Nubië staan by die Arabiere bekend as “Bilad-al-Soedan” wat beteken “land van die swart mense” wat 'n aanduiding gee dat die inwoners van Nubië donker van kleur was.

Die oorsprong van die mense van Nubië is nie baie duidelik nie omdat daar geen geskrewe dokumente nagelaat is nie. Argeoloë verwys na die mense van Nubië as die “A-groep” (Nöthling, 1989:40). Historici is van mening dat die voorouers van die Kusiete teen ongeveer 4 000 v.C. gevestig geraak het en dat hulle voor dié tyd 'n semi-nomadiese bestaan gevoer het. Hulle het moontlik skape, bokke en beeste aangehou en het in aanraking met die Egiptenare gekom in die tyd van die eerste dinastie (ongeveer 3 500 v.C.) (Nöthling, 1989:40).

Hoewel die rotsagtige geaardheid van die Nyl na die eerste stroomversnelling as 'n buffer kon dien teen indringers, het die produkte van die suide die Egiptenare in toenemende mate daarheen gelok. In die eerste helfte van die derde millenium voor Christus was daar al sprake van sterk handelsbande tussen die Egiptenare en hulle suidelike bure. Olie, voedsel en ander goedere is vir vervaardigde artikels, soos versierde erdepotte verhandel (Van Aswegen, 1980:23).

Gedurende die tydperk vanaf 3 500 - 3 000 v.C. het handelsbetrekkinge tussen Egipte en Nubië verstewig. Die suidelike gebied het al hoe aantrekliker geword vanweë sy waardevolle

produkte en Egipte het selfs militêre aksies daarteen geloods. Teen ongeveer 3 100 - 3 000 v.C. het koning Jer sy troepe na Nubië gestuur en die landstreek is oorrompel, maar totale besetting het nie plaasgevind nie (Nöthling, 1989:36; Van Aswegen, 1980:23; Davidson, 1969:27).

Vanaf ongeveer 2 600 v.C. het daar heelwat Egiptenare in Nubië gewoon en handelsbedrywighede het steeds gebloei. In die algemeen het die Egiptiese beheer van Nubië baie rustig verloop, maar al die inwoners het hulle nie sonder meer aan die Egiptiese oorheersing onderwerp nie. Koning Sensuret III (omstreeks 1 878 - 1 843 v.C.) moes verskeie kere troepe stuur om sy gesag in Nubië af te dwing. Tydens die besetting van Egipte deur die Hyksos (1 678 - 1 570 v.C.) het die hoofman van Kerma, die Egiptiese hoofstad vir Nubië, daarin geslaag om die Egiptiese juk af te gooi en Nubië as gelykwaardige soewereine staat naas Egipte te regeer. Die grens is weer teruggeskuif na die eerste stroomversnelling, maar handelsbande is met Egipte behou (Van Aswegen, 1980:26).

Gedurende die regering van Ahmes I van Egipte (omstreeks 1 570 - 1 545 v.C.) het die 18de dinastie tot stand gekom en dié tydperk is gekenmerk deur imperiale uitbreiding sodat Thutmoses I Nubië weer binnegeval en dit onderwerp het. Sommige historici meen dat die Egiptenare tot by die samevloeiing van die Wit en Blou Nyl ingedring het waar hulle met die Negers van Afrika kontak gemaak het (vgl. Nöthling, 1989:38; Van Aswegen, 1980:26; Adams, 1977:166).

3.10.2 Nubië word 'n onafhanklike staat

Ná die onderwerping van Nubië het Egipte vir meer as 500 jaar Nubië oorheers en die ekonomiese lewe in laasgenoemde is deur die Egiptenare gemonopoliseer. Alle boerderybedrywighede, die visvangs, die skeepsbedrywighede en veral die handel was in die hande van die staat. Goud, slawe, ebbehout, ivoor, volstruisvere, koper, rooi oker, vee en ander diere is na Egipte geneem (Van Aswegen, 1980:27).

Tydens die tydperk van die twintigste dinastie (1 200 v.C.) het wanorde en korrupsie weer in Egipte ingetree. Die Nubiërs het die geleentheid aangegryp om die Egiptiese juk af te gooi en teen 950 v.C. het Nubië as 'n onafhanklike staat na vore getree met Napata as die nuwe hoofstad (Nöthling, 1989:43; Van Aswegen, 1980:17; McEvedy, 1980:26).

Vanuit die hoofstad Napata net onderkant die vierde katarak sou die koningshuise van Nubië vir die volgende 500 jaar die land regeer en in mag en aansien toeneem. Tydens die bewind van Pianky (751 - 716 v.C.) is daar met 'n sterk leër en vloot teen Egipte opgeruk sodat

die bordjies verhang is en Nubië beheer oor Egipte verkry het. Shabako (696 v.C.) het selfs sy hoofstad teruggeskuif na Thebes om beter beheer oor Egipte uit te oefen (Van Aswegen, 1980:28; Davidson, 1969:27).

3.10.3 Die betekenis van Nubië as moondheid

Egiptiese imperialisme, ekonomie, kultuur en politiek was 'n belangrike bepalende faktor vir meer as 2 000 jaar in die geskiedenis van Nubië. Vanaf die eerste kontak op handelsgebied, die verowering van Nubië deur Egipte en die stryd om onafhanklikheid van Nubië, was daar 'n wedersyds voordelige uitruiling van kennis en onderlinge integrasie van "rasse" tussen die twee state (vgl. Adams, 1977: 165).

Nubië was ryk aan minerale, veral goud, en die konings van Nubië het volgens die Egiptiese lewenstyl regeer. Geweldige groot bouwerke is onderneem en piramides is al groter gebou na gelang van die koning se roem. Pottebakkerie, ivoorprodukte en mikabeeldjies is geproduseer. Houtwerk en metaalwerk is verfyn tot kunstige ornamente en selfs rooi drinkglase is vervaardig.

Nubië se ligging ten opsigte van gebiede dieper die binneland in, soos dele suid van die Sahara en Neger-Afrika, was besonder strategies. Nubië het gedien as korridor waarlangs stamme vanuit Asië deur die Nylvallei en Nubië self 'n weg gevind het na gebiede verder die binneland in (Adams, 1977:19; Gailey, 1971:16).

Adams (1977) is van mening dat Nubië vir eeue al 'n betroubare weg was vir migrerende stamme en dat dit die kontakplek was tussen Afrika en beskawings van ander lande. Hier is kulture en produkte uitgeruil en hier het wit- en swartmense vermeng geraak (vgl. Adams, 1977:19; Adam, 1981:226-227).

Historici is van mening dat heelwat gebruike, soos akkerbou en die aanhou van vee, die kuns van vuurmaak, die verbouing van sekere groentesoorte soos mielies, die gebruik van balsem, die bou met stene, pottebakkerie, sekere musiekinstrumente en die kennis van die vervaardiging van yster deur Nubië na die Negroïede in Afrika versprei is (Adams, 1977:111; Johnston, s.a.:33; Meek, 1925:59-60; vergelyk ook Nöthling, 1989; Curtin, 1978; Gailey, 1971; Little, 1958 en Ward, 1960).

Die verspreiding van die vermelde kommoditeite het bes moontlik alreeds begin met die eerste kontak van die mense wat in Nubië gebly het, dit wil sê teen ongeveer 3 000 v.C. Die kennis van ysterbewerking sou eers teen ongeveer 500 v.C. in Nubië gebruik word.

3.10.4 Moontlike opvoedkundige betekenis van Nubië se invloede op die voorouers van die Bantoetaalsprekendes

Die Nubiese lewenstyl, kultuur en gebruike was in baie opsigte geskoei op dié van hulle bure, die Egiptenare. Die Nubiërs het via Egipte ook kennis van die Midde-Ooste verkry. Baie Egiptenare het hulle in Nubië gevestig en migrerende stamme het gehelp met die verspreiding van kennis.

Omdat Nubië dus 'n *baie hoë beskawingspeil* gehandhaaf het en omdat Nubië baie nader aan die binneland van Afrika gelê het, is dit baie waarskynlik dat dit 'n invloed op die ander Negroïede kon gehad het.

Van die Nubiërs het die ander Negroïede ook die *kuns geleer* van akkerbou en besproeiing, hoe om diere mak te maak en vir eie doeleindes te gebruik. Hulle het die *kuns geleer* van pottebakkerie en hoe om huise met bakstene te bou. Godsdienstrite is ook van die Nubiërs *geleer* asook die gebruik van sekere koninklike embleme en die toepassing van seremoniële gebruike. Om die presiese datums vir elkeen van bogenoemde te bepaal, is egter baie moeilik.

Oliver (1969:9) reken dat die gebruik van koninklike embleme al so vroeg as 1 300 v.C. in ekwatoriaal Afrika bekend was. Van Noten (1981:628) sê navorsing in verband met die oorsprong van ysterbewerking lewer bewyse dat ysterbewerking by Katuruka in Sentraal-Afrika terugdateer na 500 v.C. - 400 v.C., wat moontlik kan beteken dat die swartmense hulle eie tegnieke van ysterbewerking ontwikkel het.

3.11 SAMEVATTING

Die moontlike opvoedkundige betekenis wat die ryke van Egipte en Nubië op die suidelike Negroïede gehad het, kan soos volg saamgevat word:

Die vroeë Negroïede (voor 10 000 v.C.) het hoofsaaklik 'n bestaan gemaak deur te jag en voedsel te versamel. Hulle was karig geklee, het geen kennis gehad van bouwerk met stene, van veeteelt of akkerbou nie. Hulle was ook nie vertrouwd met die verkryging van metale uit erts nie. Die informele opvoeding van die Negroïede mense voor 10 000 v.C. in verband met jag, velle brei, voedselvoorbereiding, skuilings bou en so meer is deur die kind hoofsaaklik langs die weg van onbewuste nabootsing aangeleer (Pistorius, 1982:25).

Hulle kontak vanaf 10 000 v.C. met die beskawings van Egipte en Nubië het 'n omwenteling in hulle bestaan tot gevolg gehad. Die domestikering van diere vir boerdery en eie gebruik en die verbouing van gewasse het die trek tussen jagvelde laat ophou sodat hulle ook in meer sedentêre gemeenskappe begin woon het. Die kennis wat deur hulle verkry is ten opsigte van die boukuns, kunsvorme, versiering van die persoon, huis of bouwerke het verskillende ambagte laat ontstaan wat weer aanleiding gegee het tot die meer beroepsgerigte onderrig wat ouers aan hulle kinders moes leer.

Die tradisionele gewoontes en gebruike aangaande huisbou, versiering en steenbewerking het tot niet gegaan, nuwe gebruike het ontstaan en die ouer moes sy kind daaromtrent leer en onderrig sodat die kind hom in sy nuwe omgewing kon aanpas en kon leer om sy omgewing te benut ter bevrediging van sy behoeftes.

Kennis van gewasse, plant en oes, van die klimaat en grond is 'n kundigheid wat die ouer aan sy kind moes oordra om die groep se voedsel en voortbestaan te verseker. Net so moes die veeboer ook die kundigheid van dié bedryf aan sy kind leer.

As gevolg van die verskeidenheid van karaktereienskappe van elke mensegroep en omdat die mense in gemeenskaplike dorpieë begin saamwoon het, het verskeie gespesialiseerde ambagte ontstaan soos dié van die bouer, smid, handelaar, transportryer, amptenaar, ensovoorts.

Die nuwe uitdagings en eise wat aan die Negroïede gestel is, is oorbrug deur die kennis wat hulle van beskawings soos Egipte en Nubië verkry het en ouers het dit aan hulle kinders oorgelewer, sodat die weg gebaan is vir latere beskawings in die gebiede suid van die Sahara, soos byvoorbeeld Kanem, Ghana en Bornu.

4 DIE MEROË- EN NOKKULTURE, DIE INVLOED DAARVAN OP DIE BANTOETAALSPREKENDES EN DIE MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN

4.1 INLEIDING

Soos aangedui in die tydlyn in 3.1, veral die tydperk 10 000 v.C. tot en met Christus se geboorte, het daar deur die eeue sekere beskawings langs die Nylrivier ontstaan. In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die betekenis van sodanige beskawings soos dié van Meroë en ook van Nok verder weswaarts se onderskeie kulture in verband te bring met die geskiedenis en opvoeding van die voorouers van die Bantoetaalsprekendes. Daar sal ook probeer word om te bepaal of daar enige opvoedkundige betekenis vir die Bantoetaalsprekendes uit die kontak met hierdie kulture voortgekom het.

4.2 DIE ONTSTAAN, EN DIE INVLOED VAN MEROË OP DIE VOOROUERS VAN DIE BANTOETAALSPREKENDES

Die ontstaan van Meroë as belangrike hoofstad van die Kusiete (Nubië) moet gesien word as die laaste stuiptrekking van die eens magtige Egiptiese en Nubiese ryke langs die Nylrivier vanaf $\pm 4\ 000$ v.C. tot en met die oorname van die twee ryke deur Alexander die Grote in 332 v.C. . Onder heerskappy van Pianky (751 - 716 v.C.) is Egipte verslaan, en die Kusitiese Ryk het gevolglik gestrek vanaf die Middellandse See tot by die huidige Ethiopiese grens. Op hierdie stadium was Napata nog die hoofstad van Kus (Nubië) en dit het 'n bloeitydperk beleef. Pianky het die 25ste dinastie begin en die Kusiete het op politieke, militêre en kulturele gebied gedy. Pragtige monumente is by Tanis, Thebes en Karnak opgerig. Egiptiese argitekte en vaklui is ingespan om hiermee te help (Nöthling, 1989:43-44; Van Aswegen, 1980:28).

Tydens die bewind van Taharka (688-663 v.C.) het die Assiriërs Egipte binnegeval. Dit was 'n baie ongelyke stryd, want die Assiriërs het beskik oor wapens van yster teenoor die brons van die Kusiete en Egiptenare. Die Assiriërs was ook baie meer mobiel en gedissiplineerd

en hulle oorlogvoering was takties van beter gehalte. Thebes is oorrumpel en die Kusiete se houvas is op Egipte verbreek (Nöthling, 1989:44).

Teen 591 v.C. het Egipte Kus weer ingeval en die hoofstad Napata is verower en verwoes. Die Egiptenare het nie die land beset nie, maar 'n sterk garnisoen by die tweede katarak gelaat om hulle suidelike grens te beskerm. Die val van Napata het belangrike gevolge vir Kus gehad. Koning Aspelta (593-568 v.C.) van Kus/Nubië het sy hoofstad na Meroë verskuif, net bokant die sesde katarak, sowat 250 km vanaf die huidige Khartoem. Meroë was nie 'n nuwe stad nie, maar het gelyktydig met Napata ontwikkel en is eintlik as 'n tweede hoofstad beskou (Van Aswegen, 1980:29; Nöthling, 1989:44-45).

Die verskuiwing van die hoofstad na Meroë was van besondere betekenis vir die Kusiete. Die groter afstand het hulle buite bereik geplaas van latere invalle in Egipte in, byvoorbeeld dié van 525 v.C. toe Persië Egipte binnegeval het.

In die omgewing van Napata het geweldig baie erosie ontstaan en Meroë het baie beter weiding verskaf aan die beeste, bokke en skape van die Kusiete. Die landboupotensiaal van Meroë was baie beter. Die Nyl se vloedwater kon beter beheer word en die jaarlikse reënval was baie meer geskik vir akkerbou (Nöthling, 1989:45; LeClant, 1981:286). Die ligging van Meroë ten opsigte van die handel met omliggende streke was besonder goed en die streek was ook ryk aan ystererts en ander hulpbronne om yster te vervaardig (Oliver, 1969:10; Shinnie, 1967:161).

Die Meroëse beskawing het vir 'n aantal eeue die toon aangegee in die suidelike deel van die Nylvallei. Gedurende die bloeitydperk van Meroë (± 400 v.C. - 200 v.C.) was daar 'n opbloei op die gebied van die landbou, bouwerke, kunste en ambagte. Tempels is met pragtige kunswerke versier. Fyn juweliersware is gemaak soos armbande, hangertjies en oorringe van goud terwyl die wiel ingespan is vir die maak van pottbakkersware. Huise is van steen gebou terwyl ambagte soos dié van juweelmakers, meubelmakers, wewers, bouers, argitekte, skilders en beeldhouers groot roem aan die beskawing van Meroë besorg het (Nöthling, 1989:46).

Die Meroëiete het geboer met lang- en korthoringbeeste, met perde, bokke en skape terwyl besproeiing op hoë vlak beoefen is. Nöthling (1989:46) is van mening dat die Meroëiete met die verbouing van katoen begin het.

Meroë het 'n besondere ligging gehad; een wat baie gunstig was vir die verspreiding van kennis vanuit die Midde-Ooste via Egipte en die Nubiese korridor (vgl. 3) na die

swartmense aan die oostekant van Afrika, suid van die Sahara en in die Sahelgebied. Collins (1968:46) praat van Meroë as die “Meroëitiese filter” waardeur talle idees van beskawing gegaan het na die groepe in die Soedangebied.

Die geskiedenis en invloed van Meroë het vir ongeveer 600 jaar geduur, Davidson (1969:34) is van mening dat na ongeveer 350 v.C. daar 'n geweldige ekspansionistiese tydperk hom hier ontvou het, wat verreikende gevolge vir Midde-Afrika gehad het, veral wat die verspreiding van ysterbewerking betref.

Van Meroë af het karavaanroetes geloop na die ooste tot by die hawens langs die Rooisee, noordwaarts na die Middellandse See, suidwaarts na die Tsjadmeer-gebied en dele suid van die Sahara. Die roetes was in die omgewing van ± 400 v.C. al in gebruik en volgens Curtin (1978) het die verspreiding van ysterbewerking vanaf Meroë wat in 500 v.C. al yster bewerk het, hiervandaan versprei (teen ongeveer 250 v.C.) na die Tsjadmeer en na die ekwatoriale gebiede in Afrika. Hy beweer dat rotstekeninge in die Sahara dit bevestig (Curtin, 1978:22).

Wat die fisiese voorkoms van die Meroëiete betref, wys Shinnie (1967:154-155) daarop dat die Kusiete uit verskillende rasse opgebou is. Opgrawings by die graf van Koning Amanitenmemide (± 600 v.C.) en die bestudering van skeletmateriaal dui daarop dat daar wel Negroïede mense onder die Kusiete was. Die liggaamlike versierings van die stamme in die Soedan stem ooreen met dié van die Meroëiete. Na aanleiding van bogenoemde en ten opsigte van die ligging van Meroë kan aangeneem word dat die mensegroepe suid van die Sahara en aan die oostekant van Afrika binne die invloedssfeer van Meroë geval het en dat langs hierdie weg kennis na die Soedangebied en ander dele van Afrika versprei het.

4.3 MOONTLIKE INVLOEDE VAN MEROË OP DIE BANTOETAALSPREKENDES EN DIE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN

As gevolg van die besondere ligging wat Meroë gehad het ten opsigte van die omliggende volksgroepe en die hoë beskawingspeil wat in Meroë geheers het vir 'n tydperk van ± 500 jaar vanaf 600 v.C. tot 'n eeu voor Christus se geboorte, is dit baie moontlik dat Meroë 'n groot invloed op bevolkingsgroepe suid van die Sahara gehad het.

Oliver (1969:12) beskryf Meroë as 'n belangrike skakel in die geskiedenis van Afrika en sien dit as die brandpunt van kulture en veral die kanaal waardeur die vervaardiging en gebruik van yster na die res van Afrika *versprei* het. Die kuns om yster te vervaardig is

nie deur die Meroëiete self uitgevind nie, maar blykbaar deur die Assiriërs, en is deur die Fenisiërs na Afrika gebring (Curtin, 1978:21; Nöthling, 1989:47).

Volgens Curtin e.a. (1978:22) het die kennis van die vervaardiging en gebruik van yster vanaf Meroë na die Tsjadgebied en die Groot Mere *versprei*, terwyl Wes-Afrika en die Nigergebied die kuns vanaf Carthago *te lere gekry het* (vergelyk ook Turnbull, 1976:30; Oliver, 1969:11; Wilson, 1978:12; Wiedner, 1962:18).

Die vervaardiging en die gebruik van yster wat die swartmense van die Meroëiete *geleer het*, het verreikende gevolge gehad. Die beroep van ystersmid het een van die belangrikste beroepe geword; so 'n persoon het hoë status geniet. Curtin en andere (1978:22) praat van die ystersmid as die “Meester van die Vuur”.

Die *kennis van ysterbewerking* het die weg gebaan om handwerktuie en wapens van yster te vervaardig. Die *verspreiding van die tegniek* om yster te vervaardig het ook die sosiale, ekonomiese, politieke en religieuse leefwyse van die mense verander. Dit het bygedra tot die totstandkoming van koninkryke omdat yster doeltreffende wapens beteken het. Die mense kon makliker die woude betree, want bome kon nou makliker afgekap word (Turnbull, 1976:35; Curtin, 1978:24).

Kenner is van mening dat die Negroïede verantwoordelik was vir die *verspreiding van die kennis* van ystervervaardiging en die gebruike daarvan. Curtin (1978:24-25) beweer dat ruwe yster in die vroeë stadiums van ontwikkeling beperk was tot Oos- en Sentraal-Afrika en dat verbeterings op die tegnologie van ysterbewerking in die tropiese woude gedoen is waar die brandhout vir die oonde van baie hoë gehalte was.

Dit wil voorkom of die voorouers van die Bantoetaalsprekendes wat in kontak gekom het met Meroë *sekere vaardighede van hulle aangeleer het*. Vaardighede soos die gebruik van stene by bouwerke, versierings aan tempels en die bou daarvan, sekere landboutegnieke en gebruik van diere en veral die vervaardiging van yster en die gebruik daarvan, het die lewenstyl van die Bantoetaalsprekendes se voorouers verander (vgl. Johnston, s.a.:60-61).

Nuwe beroepe en ambagte het ontstaan en die mense *kon hulle beter toerus* vir hulle leefwyse. Vaardighede is deur vaders en moeders aan die kinders *oorgelewer* sodat ambag-gerigte *onderrig* plaasgevind het. Die ysterpik het daartoe gelei dat meer grond bewerk kon word. Die *kennis van plante* het verbreed. Meer gewasse kon aangeplant word om te voorsien in die behoeftes van die gemeenskap. Die weefkuns is deur moeders *geleer aan dogters* sodat klere voorsien kon word aan die gesinne en familie (vgl. Johnston, s.a.:61-62).

4.4 DIE ONTSTAAN EN INVLOED VAN DIE NOKKULTUUR

Die tydperk 5 500 - 2 500 v.C. staan bekend as die Makaliese tydperk. Davidson (1969:12) verwys na die groen Sahara in die Soedan as hy daarvan praat. Gedurende dié tyd was die Sahara 'n goeie landboustreek met 'n aangename klimaat vir menslike bewoning.

Vrugbare riviervalleie is bewoon en bewerk en opgrawings het aangetoon dat groterige gemeenskappe in die Sahara gewoon het wat 'n redelike hoë standaard van ontwikkeling gehad het. Pragtige rotstekeninge van gode en diere dien as voorbeelde daarvan (Davidson, 1969:13).

As gevolg van klimatologiese veranderinge het die Sahara tussen 4 000 en 2 000 v.C. onbewoonbaar vir die mense geword en die Sahara-bewoners het na die ooste, na die Nylvallei en sommige na die suide begin trek (Davidson, 1969:13; Nöthling, 1989:92; Mc Ewan, 1968:19).

Aan die randgebiede van die bewoonbare Soedangebiede het meer dorpies ontstaan, soos byvoorbeeld Nok (2 000 v.C.) in die Nigergebied, tussen die samevloei van die Niger- en Benue-riviere.

In die dertigerjare van hierdie eeu is by tinmyn-uitgrawings by Nok afgekom op bewyse van ysterbewerking wat terugdateer tot 900 v.C. Dié ontdekkings het bekend geword as die Nokkultuur vanweë die besondere terracotta-artefakte wat opgegrawe is (vgl. Davidson, 1969:16; Fage, 1978:103; Nöthling, 1989:94; Hiernaux, 1975:154).

Die artefakte van gebakte klei van mens- en dierefigure weerspieël 'n hoogs ontwikkelde kunsteel vir die tyd waarin hulle gemaak is sodat daar aanvaar kan word dat die mense van Nok 'n hoë beskawingspeil gehandhaaf het.

Nok het ook 'n hoogs ontwikkelde peil van ysterbewerking gehad en historici meen dat die kennis van ysterbewerking die gebied bereik het deur middel van ysterhandelaars vanaf Noord-Afrika.

Davidson (1969:17) meen dat die moontlikheid bestaan dat die kennis ook van Meroë afkomstig kon gewees het, dit wil sê vanuit die ooste.

Davidson (1969:16-17) en Mc Ewan (1968:19) beweer dat die verskyning van ysterbewerking en die vroeë landbou die bevolkingsgroei positief beïnvloed het in die gebied

suid van die Sahara en dat die bewerking op verskillende tye by verskillende plekke ontstaan het. Dit het meegelyp dat die Bantoetaalsprekendes beter beheer oor hulle omgewing kon uitoefen as gevolg van die gebruik van yster en dat die verbouing van voedsel ook daardeur positief beïnvloed is.

Die invloed wat die gebruik van yster op die gemeenskappe suid van die Sahara en Wes-Afrika gehad het, moet nie geringgeskat word nie. Volgens Nöthling (1989:95) het die koms van yster belangrike veranderinge meegebring in die lewe van die verskillende bevolkingsgroepe. Kulturele verskille het ontstaan en ontwikkel. Die ystertydperk-landbouers het die voorouers geword van die moderne Mande, Akan, Hausa, Yoruba en Ibo. Nuwe dialekte, sosiale strukture en religieuse verskille het ontstaan.

Van Aswegen (1980:11) beskryf die Noknegers as mense wat 'n hoë mate van ontwikkeling getoon het. Hulle het in dorpie gewoon, landbou beoefen, mak diere aangehou en fyn afgewerkte klipwerktuie vervaardig. Op artistieke gebied het die Nokmense veral 'n hoë peil van ontwikkeling bereik, soos blyk uit kunstige juweliersware, onder meer armbande en halsbande, maar veral uit hul terracotta-beeldhouwerk. Die beeldhouwerk was van 'n hoë tegniese peil.

4.5 MOONTLIKE INVLOEDE VAN DIE NOKKULTUUR OP DIE BANTOETAALSPREKENDES EN DIE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN

Alhoewel die Nokkultuur veral verwys na die terracotta-figure en die hoogsontwikkelde kunsaanleg van die Noknegers, moet die Nokkultuur as 'n voorbeeld gesien word van wat in die tydperk 2 500 v.C. en later in die Soedangebied plaasgevind het.

Die weswaartse beweging van mense na die Soedangebied, *die kennis van ysterbewerking*, *die kennis van nuwe gewasse* en die beter verbouing van gewasse het die lewe van die mense in die Soedangebied verreikend verander.

Murdock (1959:64-65) is van mening dat sekere landboukommoditeite op onafhanklike basis deur die Wes-Afrika-Negers ontwikkel is, dat hulle hul eie metodes ontwikkel het en verbeter het op andere. Hy beskou die Wes-Afrika-Negers as van die kreatiefste en wat 'n leidende rol gespeel het met bydraes tot ontwikkeling van byvoorbeeld die landbou. Hy reken die eer ten opsigte van landbou-ontwikkeling kom die Mandesprekende bevolking toe wat aan die boppe van die Nigerrivier gewoon het (2 700 v.C.). Afrikaanse rys is byvoorbeeld hier ontwikkel deur die Mandesprekende mense (Curtin, 1978:12).

Die Negroïede wat die *kennis opgedoen* het van landbou en van innovering, het bygedra tot die *verspreiding* van voedselproduksie (Curtin, 1978:16).

Die *kennis van voedselverbouing* is weswaarts versprei vanaf die Nylgebied tot by die kus van Wes-Afrika waar dit vir 'n lang tyd gestabiliseer het voordat die suidwaartsbewegende mense die tropiese woude bereik het. Hier het hulle agtergekom dat sekere plantwortels, vrugte en bome weer groei nadat dit gepluk is en sodoende daarvan bewus geraak dat sommige plante hernieubaar is (Curtin, 1978:16-17).

Die Noknegers se kultuur het 'n wye invloed gehad. In die Yoruba en Ife se beeldhouwerk kan mens die *invloed* van die Nokkultuur sien. Later is bronsbeelde ook vervaardig op grond van kennis wat van buite verkry is. Die beskawing van die Noknegers was die voorloper vir die ontstaan van latere koninkryke en dorpe, geskoei op die Nokkultuur (Hiernaux, 1975:154).

Wat van opvoedkundige betekenis was vir die Bantoetaalsprekendes van die omliggende gebiede is dat hulle uit 'n vroeër nomadiese en 'n neolitiese kultuur beweeg het na 'n meer gevestigde kultuur van saamwoon in gemeenskappe en dat hulle selfversorgend geraak het ten opsigte van voedselverbouing.

Hulle het *geleer* wat die belang van klimaat by die verbouing van gewasse is. Die Sahara het verdroog en daarvandaan moes hulle trek na dele waar die reënval hoër is. Met hulle *kennis* van reënval en vrugbare grond in riviervalleie en die ontwikkeling van akkerbou het hulle *geleer* om sekere diere te tem en tot hulle eie voordeel te gebruik (Curtin, 1978:17).

Die *kennis van yster* wat 'n omwenteling in die Bantoetaalsprekendes se bestaanswêreld teweeggebring het, het hulle in die vermoë gestel om weg te trek na ander dele in Afrika omdat die bevolkings snel toegeneem het. Hierdie verspreiding en saam daarmee die kennis van plante en ysterbewerking, het die ontwikkelingspeil van diegene met wie die Bantoetaalsprekendes in aanraking gekom het, soos die ander Negroïede, ook verhoog.

Om die kennis wat verkry is te behou, is die kennis deur die ouers aan die kinders *oorgedra* - 'n opvoedingshandeling. Hier is moontlik dan ook alreeds eeue gelede die tradisionele praktiese lewenstyl van die Bantoetaalsprekendes vasgelê, byvoorbeeld om in harmonie met die natuur te leef. Die gemeenskaplike besit van eiendom en kennis, die pragmatiese lewensuitkyk, ingesteldheid op groepaktiwiteite en groepsweydwering het moontlik hier alreeds posgevat wat in die latere gemeenskapskarakter van Bantoetaalsprekende groepe se opvoeding waargeneem kan word (Van der Walt & Postma, 1987:109-113).

4.6 SAMEVATTING

Die invloed wat die Meroë- en die Nokkulture op die Bantoetaalsprekendes gehad het, moet nie rigories in afsonderlike kompartemente opgedeel word nie. Alhoewel die beskawings chronologies verskil, het hulle geïntegreerde en samehangende bydraes tot die Bantoetaalsprekendes se ontwikkeling gelewer. Gesien in die lig van die voorafgaande het die volgende hierby 'n rol gespeel:

- 4.6.1 Die verdroging van die Sahara; die saamwoon in gemeenskappe; die beweging na die suide en ooste en die skakeling en beweging vanaf die ooste na die weste oor die Sahelkorridor.
- 4.6.2 Die kennisontploffing aangaande landbougewasse en die verwerking van metale soos goud, brons en veral yster en die ontstaan van handelsroetes oor die Sahara.
- 4.6.3 Die skynbaar onophoudelike vloeï van mense vanaf die suidwestelike gedeeltes van Asië na Afrika. Die verspreiding van kennis oor die Sahara, deur die Sahelkorridor vanaf oos na wes na oos, suid van die Sahara.
- 4.6.4 Argeologiese opgrawings toon dat die Bantoetaalsprekendes wye kennis opgedoen het van beeldhouwerk, artefakte, landbou en bewerking van metale. Die kennis wat hulle in die vroegste tye opgedoen het, is aan hulle kinders geleer en dit is oorgedra aan die nageslagte.
- 4.6.5 Kennis van ysterbewerking wat teen ± 300 v.C. opgedoen is, is al teen ± 250 n.C. in Suid-Afrika beoefen en dui daarop dat die ambagte deur oordrag en opleiding behoue gebly het (Nöthling, 1989:101-102).
- 4.6.6 Kennis is verkry van pottebakkerie, die gemeenskapslewe, sosiale instellings, administrasie, bouwerke en sekere religieuse gebruike. Die kennis is onder andere van die beskawings van Meroë en Nok oorgeneem en deur die Bantoetaalsprekendes versprei.
- 4.6.7 Ogun, die god van yster en oorlog, was te sien in die tempels van die Yoruba en Ife (Talbot, 1968:19-20), wat dui op die invloed van yster op die Negervolkere. Die feit dat hulle gode in tempels vereer het, verwys waarskynlik na die kontak met Egipte en Meroë. Sekere religieuse gebruike, beweer Talbot (1969:20), het die Negervolke van die Grieke geleer via hierdie beskawings.

- 4.6.8 Die godsdiens van die Negers was panteïsties; die aarde en hemel asook die slang is vrylik aanbid deur die Negers van Midde-Afrika. In hierdie tydperk het die Bantoetaalsprekendes te doen gekry met die godsdienskulture van ander groepe en beskawings. Sekere gebruike is oorgeneem, ander nie. Opvoeding aangaande die religieuse gebruike is bes moontlik deur die ouers aan kinders oorgedra (Talbot, 1969:19-20).
- 4.6.9 Die Duitsers het by Adamana in die binneland van die Kameroen (Talbot, 1969:20) afgekom op modelle van gefortifiseerde stede soos dié van Griekse oorsprong. Die boukuns wat die Negers geleer het van ander volkere, is oorgelewer sodat die Bantoetaalsprekendes dit ook later geken het.
- 4.6.10 Die opvoeding van die vroeë Bantoetaalsprekendes kan deur die Christen-opvoeder gesien word as heidens-religieus, met 'n geneigdheid tot voorvaderaanbidding, 'n natuuringesteldheid om te oorleef en te voorsien in daaglikse bestaansbehoeftes en die aanleer van sekere ambagte om die eie lewenstyl in stand te kan hou.
- 4.6.11 Verder moet daarop gelet word dat die voorouers van die Bantoetaalsprekendes ook 'n aandeel gehad het in die totstandkoming van die ryke en beskawings wat bespreek is. Hulle het bygedra tot die opkoms van die ryke en bygedra tot die verspreiding van kennis en die opbou van koninkryke in Afrika noord van die tropiese woude. Curtin (1978:36) is van mening dat baie van die beeldhouwerk, uitleg van dorpe, artefakte en rotstekeninge wat in die Soedan-gebied aangetref word, teruggevoer kan word na die Nokkultuur wat gefloreer het tot in die eerste eeu voor Christus se geboorte.

5 DIE VERBLYF IN DIE SUID-SOEDAN, KAMEROEN, GABOEN EN DIE KONGO-KOM/ZAÏREKOM EN DIE MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS DAARVAN

5.1 INLEIDING

Waar daar in die vorige twee hoofstukke ondersoek ingestel is na die ryke van Egipte, Nubië (Meroë) en na die Nokbeskawing se moontlike invloed op die voorouers van die Bantoetaalsprekendes en die moontlike *opvoedkundige betekenis* daarvan vir die Bantoetaalsprekendes word daar in hierdie hoofstuk gepoog om die eerste versamelgebiede van die Bantoetaalsprekendes te beskryf asook die begin van hulle migrasie vanaf hierdie saamtrepunte. Tergelykertyd sal gepoog word om te bepaal of daar enige opvoedkundige betekenis aan hierdie gebeure geheg kan word. Die gebeure wat in hierdie hoofstuk beskryf word, het betrekking op die tydperk tussen ongeveer die geboorte van Christus tot en met ± 300 jaar n.C. en dit val dus buite die aanvanklike tydsindeling van 10 000 v.C. tot met Christus se geboorte. Aangesien die plekke van verblyf soos hierbo uiteengesit, verband hou met die oorsprongs- en herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes word hierdie gedeelte ingevoeg ter afronding van die beskrywing.

5.2 DIE VERBLYF IN DIE SUID-SOEDAN

Die “Bilad-al-Soedan”, oftewel die “Land van die swartmense” soos wat die Arabiere die landstreek suid van die Sahara noem, was $\pm 10\,000$ v.C. ’n waterryke, vrugbare landskap wat uitstekend geskik vir menslike benutting was, wat tot gevolg gehad het dat Negroïedemense hulle in die vrugbare riviervalleie van die streek gevestig het (Gailey, 1971:30).

Volgens Nöthling (1989:91) het produksie van voedsel alreeds teen $\pm 6\,000$ v.C. hier plaasgevind alhoewel die gebied in ’n baie eenvoudige staat van ontwikkeling was. Argeoloë is van mening dat die verbouing van graangewasse eers in die omgewing van 2 000 v.C. suksesvol verbou is in die streek.

Teen ongeveer die jaar 2 500 v.C. het die Sahara al minder reën begin ontvang, sodat riviere begin opdroog en weivelde verdwyn het (vgl. Curtin, 1978:24; Gailey, 1971:28; Davidson, 1978:18). Akkerbou het tot niet gegaan en die verdroging van die Sahara het die inwoners genoop om weg te trek, veral na die suide in die rigting van die reënwoede (Davidson, 1969:13-15).

Tussen die Saharawoestyn en die tropiese reënwoede het 'n steppelandskap ontwikkel met grasvlaktes en verspreide bome en wat bewoonbaar was vir die mense wat weggetrek het uit die Sahara.

Dié gebied het bekend geraak as die Sahel en het gestrek vanaf die Ethiopiese hooglande in die ooste tot by die Atlantiese oseaan in die weste (Nöthling, 1989:166-167).

Collins (1968:97-98) is van mening dat die mense van die Suid-Soedan-gebiede teen ongeveer 4 000 v.C. van 'n nomadiese leefwyse oorgegaan het na 'n voedselproduserende leefwyse en sekere koringtipes soos graansorgum en babala, wat geskik was vir die streek se klimaat, verbou het. Collins meen ook dat die Ennedi-roete alreeds teen 4 000 v.C. die middel-Nylgebied met die Tsjad-meer verbind het en dat langs hierdie weg sekere voedselsoorte Egipte bereik het vanaf die Nigeromgewing (Collins, 1968:97; Posnansky, 1981:541; Clark, 1982:635).

Die voorouers van die Bantoetaalsprekendes (Posnansky, 1981:534) praat van proto-Negers wat alreeds 10 000 v.C. hierdie dele in die Suid-Soedangebied bewoon het (onder andere die Iwo-Eluru in Nigerië). Hulle sou dan bes moontlik vryelik van wes na oos of oos na wes in die streek kon beweeg.

In hierdie gebied het volgens die oorsprongsteorieë van die Bantoetaalsprekendes (vgl. 2.5.2) die vermenging van "rasse", naamlik tussen die egte Negers en Hamiete, plaasgevind het, waaruit die Bantoetaalsprekendes sou ontstaan het.

Hierdie "eerste" kontak tussen die voorouers van die Bantoetaalsprekendes het volgens Bruwer (1963:3-4) waarskynlik in die oorsprongsgebied van die Nylrivier ten noorde van die Groot Mere plaasgevind. Verdere kontak en vermenging het van oos na wes oor die Soedangebied tot stand gekom.

Tot ongeveer 500 v.C. het die Bantoetaalsprekendes in die Laat Steentydperk verkeer en 'n jagters-herdersbestaan was die algemene lewenswyse. Turnbull (1976:20) wys in dié verband daarop dat die ontdekking van ysterbewerking na 500 v.C. die gemeenskapslewe dramaties verander het. Ystersmeewerk het 'n belangrike beroep geword, 'n landbouevolusie het plaasgevind omdat ysterwerktuie akkerbou vergemaklik het. Pottebakkerie het gespesiali-

seerd geword asook die werk met hout, leer, wol, klip en ivoor. Die samelewingstrukture het gaandeweg meer kompleks geraak en sosiale stande het ontstaan (Turnbull, 1976:20). Hierdie nuwe eise wat aan die gemeenskap gestel is, het ook ingrypende opvoedingsveranderinge teweeggebring, wat ook deur die ouers aan hulle kinders oorgedra moes word.

Hier in die Soedangebied, by die samevloeiing van die Niger- en Benue-riviere, sou volgens heelwat historici die Bantoetaalsprekendes hulle oorsprong gehad het (vgl. 3.1).

Die vorming van die Bantoetaalsprekendes het nie plotseling gebeur nie, maar het oor 'n lang tydperk ontstaan, waarskynlik voor die aanbreek van die Christelike era.

As gevolg van instroming van ander Kaukasiese “rasse” het die Bantoetaalsprekendes vanaf 1 n.C. - 300 n.C. begin migreer na die suide deur die Kameroen tot in die Kongo (McEvedy, 1980:12; Talbot, 1969:20).

5.3 DIE VERBLYF IN DIE KAMEROEN- EN GABOENGEBIED (1 n.C. - 200 n.C.)

Een van die belangrikste gevolge van ysterbewerking was dat klipwerktuie vervang is met ysterwerktuie sodat akkerboumetodes ingrypend verander kon word. Meer voedsel is geproduseer, en dit het aanleiding gegee tot groter bevolkingsgroei (Collins, 1968:98).

As gevolg van die bevolkingsgroei in die Suid-Soedangebied is die Bantoetaalsprekendes stadig suidwaarts gedwing. Die ysterwerktuie wat hulle gehad het, het hulle in staat gestel om die digter bosgebiede te tem en skoon te maak vir landboudoeleindes. Graansoorte, piesangs en pampoene kon byvoorbeeld in die natter tropiese gebiede geplant word (Collins, 1968:98; Davidson, 1969:16).

Murdock (1959:238-239) is van mening dat die Negers in die Kameroenhooglande bepaald Soedanese landbougebruike toegepas het. Dit bevestig die opvatting dat die Negers vanaf die Soedangebiede verder suidwaarts getrek het. In die graslande van die Kameroen kon hulle grondboontjies, komkommers, karkoere, kalbasse, giers, oliepalms, waatlemoene en verskeie graansoorte verbou het. Volgens Murdock (1959:239) het met die aankoms van eetbare plantsoorte uit Indonesië en die verspreiding daarvan deur Midde-Afrika die Bantoetaalsprekendes later in die vermoë gestel om verder suid- en ooswaarts te trek om sodoende die tropiese reënwoede in te dring (Turnbull, 1976:115-116). Vanaf hierdie gebied sou die Bantoetaalsprekendes verder suid- en ooswaarts getrek het om vir 'n tyd lank in die Kongobekken weer 'n tuiste te vind (McEvedy, 1980:32-34).

5.4 DIE VERBLYF IN DIE KONGO-/ZAÏREKOM (200 n.C. - 300 n.C.)

Die vermoë van die Bantoetaalsprekendes om die kuns van ysterbewerking te bemeester sodat gesofistikeerde gereedskap vervaardig kon word waarmee hulle die tropiese woude later kon tem en die landbou kon verbeter (Davidson, 1978:47), het hulle in staat gestel om nog verder suidwaarts te beweeg. Bevolkingsdruk het ook meegehelp dat die Bantoetaalsprekendes verplig was om 'n ander heenkome te soek; daarom is daar al dieper in die woudgedeeltes ingetrek (McEvedy, 1980:26; Davidson, 1978:50-51; Wills, 1980:13, 86).

Die Kongokom in Sentraal-Afrika word gevolglik ook deur sekere historici as 'n tweede versamelpunt van die Bantoetaalsprekendes gesien op hulle trek na die suide. Die gedagte dat die Kongo as 'n destydse versamelpunt beskou word, word bevestig deur die feit dat daar in sommige Bantoe oorleweringe die gedagte bestaan dat die swartmense uit die Kongo (Zaire) afkomstig is (Bruwer, 1963:4).

Die verhaal van die Wageniastam in die Kongo-kom dui ook daarop dat die Bantoetaalsprekendes ten noordweste van die Kongo-bekken hulle tussentydse woonplek ná die vermenging tussen hulle Hamitiese en Negervoorvaders moes gehad het: dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die Wagenia al met die Kongo-/Zaïrerivier langs afgekom het. Hulle mag in een stadium sover noord as die Lualabarivier - een van die sytakke van die Zaire - gewoon het (Droogers, 1974:25). Die geskiedenis van die Wagenia dui daarop dat die Bantoetaalsprekende Negers na die vermenging tussen Negers en Hamiete in die oostelike landgebiede van die Wes-Afrikaanse woudstreek (die reënwoude), bes moontlik in die omgewing van die Benueerivier in die huidige Nigerië en die Kameroen, hulle tuiste kon gehad het (Davidson, 1978:26, 33; Van Noten, 1981:634; Murdock, 1959:238).

5.5 MOONTLIKE OPVOEDKUNDIGE BETEKENIS VAN DIE VERBLYF IN DIE SUID-SOEDAN, KAMEROEN, GABOEN EN KONGOKOM VIR DIE BANTOETAALSPREKENDES

Dit wil voorkom dat met die aanbreek van die Christelike era die Bantoetaalsprekendes as bevolkingskategorie sy beslag kon gekry het en dat hulle as verskillende kleiner groepe binne 'n verwantskap van 'n groter politieke groepering ontwikkel het. Dit het meegebring dat behoudende faktore, soos taal en kultuur, hulle as definieerbare groepe geleidelik oor lang periodes suidwaarts laat migreer het. Kultuurgoedere wat oorgedra is vanaf hulle voorouers, het behoue gebly en is aan die kinders geleer.

Op die terrein van die tegnologie het die kennis van ysterverwerking hulle gehelp om hulle omgewing makliker te beheer en daarin te oorleef. Die ambag van ysterbewerking het steeds 'n belangrike rol gespeel in die gemeenskapslewe. Onderrig het meer kompleks geraak om aan te pas by die gespesialiseerde samelewing (vgl. 5.2).

Dit wil voorkom asof die opvoedingspraktyke wat van die voorouers van die Bantoetaalsprekendes geërf is moontlik gedurende dié tyd sy beslag gekry het.

5.6 SAMEVATTING

Ná die vermenging tussen die Hamiete en die egte Negers in die Tsjad- en Soedangebiede het die nuwe menggroep (die proto-Bantoetaalsprekendes) hulle aanvanklik in die omgewing van die Benue-Nigerrivier se samevloeiing gevestig, in die huidige Nigerië-Kameroen-Gaboengebied. Van hier af het hulle waarskynlik as verskillende menggroepe suid- en ooswaarts na die Kongostreek getrek, veral na die gebied wat vandag bekend is as Katanga. Hiervandaan het die Bantoetaalsprekendes oor baie eeue heen verder in alle rigtings versprei, veral ooswaarts na die Skeurvallei en die Groot Mere, asook suidwaarts. McEvedy (1980) meen dat die Bantoetaalsprekendes in die vrugbare dele langs die Victoriameergebied 'n ruskans gehad het om sterk te word, en te vermeerder voordat die reis na die suide hervat is (Mc Evedy, 1980:32).

Datums rondom die ontstaan van die Bantoetaalsprekendes en die suidwaartse migrering klop in sekere gevalle nie met bevindings van argeologiese opgrawings nie, wat bevind het dat ysterbewerking alreeds so vroeg as 250 n.C. in die Transvaal beoefen is deur swartes (Nöthling, 1989:101-102). Of hulle alreeds moontlike vroeëre voorlopers van die Bantoetaalsprekendes was, sal toekomstige navorsing moontlik aan die lig bring.

In die volgende hoofstuk sal 'n samevatting gegee word van die oorsprongs- en herkoms-geskiedenis van die Bantoetaalsprekendes en die opvoedkundige betekenis daarvan in die vorm van bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings.

6 BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die verloop van die ondersoek kortliks saam te vat deur die bevindings uit die hele oorsig dusver saam te trek in een oorsig. Op grond van die bevindings word sekere *afleidings* en *gevolgtrekkings* gemaak, waarna die hele ondersoek met enkele *aanbevelings* afgerond word.

6.2 BEVINDINGS

1. Uit die studie van die volksverhale, legendes, raaisels en mites van die Bantoetaalsprekendes het dit na vore gekom dat daar in wese twee stelle teorieë bestaan oor die herkoms van die Bantoetaalsprekendes, naamlik die biesie- of rietbosmite en die mite van die gat in die grond (vgl. 2.2 en 2.3).
2. Daar is ook bevind dat die twee stelle mites onderling oorvleuel en moontlik heenwys na die oorsprong van die Bantoetaalsprekendes in die moerasgebiede van die Tsjad-gebied en ook die groot mere in Midde-Afrika (vgl. 2.4).
3. Daar is verder bevind dat die meeste Bantoetaalsprekendes aanvaar dat hulle almal “Bana ba thari e ntsho” - die kinders van een moeder - is (vgl. 2.4).
4. Ten spyte van die feit dat daar verskillende plekke van oorsprong van die Bantoetaalsprekendes aangedui word, is bevind dat die meeste Bantoetaalsprekendes dit eens is dat hulle oorsprong in die ooste gesoek moet word (vgl. 2.4).
5. Verder blyk dit dat alle groepe swartmense die een of ander voorstelling van 'n skepper of opperwese het wat alles sou geskep het, asook die mens in die besonder (vgl. 2.4).

6. Uit die ontleding van die legendes en oorvertellings van die Bantoetaalsprekendes is daar voorts bevind dat sekere aksente in die mites ooreenstem met verklarings in die Joodse geskiedenis wat daarop dui dat daar iewers in die verre verlede dalk kontak moes gewees het tussen van die voorouers van die Bantoetaalsprekendes en groepe Israeliete of persone wat vertrouwd was met die Jode se geskiedenis (vgl. 2.4) of net so waarskynlik, dat die Bybelse motiewe gaandeweg by swart Christene die volksverhale en oorleweringe binnegedring het.
7. Uit die ondersoek blyk dit dat daar 'n korrelasie kan wees tussen die mites oor die herkoms van die Bantoetaalsprekendes en sekere wetenskaplike teorieë, soos die Hamitiese en die Sahelkorridorteorieë. In die Bantoetaalsprekendes se oorsprongsteorieë kom die “ooste” as plek van oorsprong duidelik na vore en die wetenskaplike teorieë bevestig ook die opvatting dat die oorsprong van hierdie mense in Asië (of elders in die ooste) gesoek moet word (vgl. 2.5.2. en 2.5.3).
8. Daar is ook bevind dat sekere wetenskaplike opvattinge oor die herkoms van die Bantoetaalsprekendes dalk verouderd is omdat meer resente navorsing skyn te toon dat die herkoms van die Bantoetaalsprekendes in Afrika self gesoek moet word (vgl. 2.5.6). So 'n veranderde siening sal egter nie die gedagte van die oorsprongsmite van die Bantoetaalsprekendes verander nie.
9. Uit die studie het dit verder na vore gekom dat dit 'n vergissing is om die aanvangsdatum van die Bantoetaalsprekendes se opvoedings- en onderwysgeskiedenis op 1652 vas te pen. Laasgenoemde is inderdaad die aanvangsdatum van die blankes se bemoeienis met die opvoeding en onderwys van die swartes en ander nie-blankes hier te lande. Die opvoedingsgeskiedenis van die swartes gaan inderdaad sover as 2 500 jaar in die verlede en selfs verder terug (vgl. 2.5.7.1).
10. Voortspruitend uit die ondersoek is daar bevind dat daar wel verskeie duidelike en aantoonbare opvoedingsaksies opgesluit lê in die oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes. Die volgende is fasette hiervan:
 - 10.1 Daar is bevind dat met die metode van oorlewering deur die mondelinge tradisie, die herkoms van die Bantoetaalsprekendes deur die ouer aan die kind oorgedra is. Die historiese gebeure is in volksverhale beskryf (vgl. 2.5.7).
 - 10.2 Deur middel van die mondelinge oorleweringe is waardes en norme met betrekking tot die godsdienst, naasteliefde, geslagsonderrig, kultuur en geborgenheid van moeder

en gesin aan die kinders deur die ouers oorgedra sodat sekere eksistensiële vrae van die jongmense daarmee beantwoord is (vgl. 2.5.7.2).

- 10.3 Uit die oorsprongsteorieë blyk dit ook dat die mens sekere kultuurgoedere ontwikkel en/of aangeleer het om sy omgewing te beheer en daaroor te heers. Hy het geleer om vuur te maak, klere te maak, om hom te versier, voedsel te produseer en om diere mak te maak vir eie gebruik. Daar is ook duidelike tekens van tegnologiese en kunsontwikkeling. Sodanige gebruike het deur oorlewering vir die nageslagte behoue gebly (vgl. 2.5.7.3).
11. Daar is gevind dat die Bantoetaalsprekendes se voorouers moontlik vanuit Asië en die Midde-Ooste gekom het en dat deur vermenging oor 'n lang tyd die Bantoetaalsprekendes ontstaan het (vgl. 2.5.2 en 2.5.3).
12. Daar is ook bevind dat daar van die vroegste tye, tot sover as 2 500 jaar in die verlede in en verder terug, kontak was tussen die voorouers van die Bantoetaalsprekendes en sekere ryke wat gedurende daardie tye hoogs ontwikkel was, soos dié van Egipte, Nubië (Meroë) en Nok.
13. Daar is bevind dat daar akkulturasie plaasgevind het tussen die swartes en die inwoners van die ryke. So het die Bantoetaalsprekendes in aanraking gekom met byvoorbeeld die Nokkultuur en hulle ysterbewerkingstechnologie. Met die kennis van ysterbewerking kon hulle beter gereedskap vervaardig vir jag- en landbou-doeleindes sodat hulle byvoorbeeld die reënwoorde kon binnedring en leefbaar maak (vgl. 3 - 4).
14. Van die Hamitiese volke het die Bantoetaalsprekendes kennis van veeteelt oorgeneem sodat hulle 'n beeskultuur kon opbou. Van Egipte en Nubië (Meroë) het die Bantoetaalsprekendes sekere boumetodes, kunste, godsdienstige gebruike en embleme oorgeneem wat bygedra het tot die handhawing van 'n hoër lewenstandaard vir hulle. Dit is opvoedkundig betekenisvol: dit dui daarop dat opvoeding nie slegs tot kinders beperk kan wees nie; ook volwassenes word gevorm deur mense wat kultureel gesproke op 'n hoër ontwikkelingsvlak as hulle verkeer (vgl. 2.5.7.3.4).
15. Daar is ook bevind dat die Bantoetaalsprekendes geleer het om sekere plant- en groentesoorte wat regdeur Afrika versprei is tot hulle eie voordeel te bewerk, te verbou en verder te versprei (vgl. 5.2 en 5.3).

16. Uit die ondersoek het dit voorts na vore gekom dat die Bantoetaalsprekendes 'n moontlike oorsprongsgebied gehad het by die samevloeiing van die Niger- en Benue-riviere. Hier het hulle waarskynlik geakkumuleer en oor 'n lang periode as verskillende menggroepe in verskeie rigtings gemigreer om sodoende die suidelike dele van die vasteland van Afrika te betrek. Op hulle trek na die suide het hulle "rusplekke" langs die pad gehad in die Kameroen, Gaboen en ook in die Kongokom (vgl. 5.2 en 5.3).
17. Uit die studie van die herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes kom 'n mens onder die besef dat die mens toegerus is met die vermoë om tegnologie te ontwikkel. Die mens kan dit wat tot sy beskikking is, óf dit klip, been of yster is, só gebruik dat dit tot sy voordeel strek en dat hy daarmee sy omgewing kan beheers. In die lig van algemeen menslike ervaring kan dus aanvaar word dat ouers en ander opvoeders hierdie vermoë by hulle kinders in die besonder en die opkomende geslag in die algemeen probeer stimuleer het. Juis as gevolg hiervan vind kultuurontplooiing plaas (vgl. 2.5.8).
18. Daar is ook bevind dat by die bemeestering van 'n hoërvlaktegnologie, spesialisering een gevolg daarvan is. Toe die Bantoetaalsprekendes die kuns van ysterbewerking bemeester het, het die ambag van die ystersmid tot stand gekom en op dieselfde wyse het ander spesialiseringe in die gemeenskap plaasgevind. Hierdie aspek is van groot opvoedkundige belang, want kennis en opleiding moes deur die ouer of opvoeder aan die jongmense oorgedra word om hulle vir hierdie gespesialiseerde beroepe en ambagte te bekwaam.

6.3 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die voorafgaande bevindings kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word.

1. Die ontstaansgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes kan nagevors en beskryf word uit oorlewerings, argeologiese opgrawings en vondse wat versamel is en behoue gebly het vir ontleding deur etnoloë, antropoloë, taalkundiges, historici, opvoedkundiges en argeoloë (vgl. 1.1; 1.2; 2.5.2).
2. Daar is ook tot die gevolgtrekking gekom dat die Bantoetaalsprekendes 'n veelbewoë en lang herkomsgeskiedenis het en dat hulle opvoedings- en onderwysgeskiedenis ver terug in die verlede gaan.

3. Die opvoeding in die beskrewre tydperk was betekenisvol in die sin dat die ouers waardes, norme en kultuurgoedere aan die kinders geleer het sodat die opvoeding ontwikkeling by die kinders en ook hele gemeenskappe teweeggebring het (vgl. 1.1.4).
4. Na aanleiding van die navorsing wat gedoen is, is ook tot die gevolgtrekking gekom dat die Bantoetaalsprekendes 'n eie partikulêre opvoedingsteorie en praktyk gehad het wat eie was aan daardie groep inheemse mense van Afrika en dat dit verweef was met tradisie, gewoontes, kultuur, omgewingsinvloede en tydsverloop (vgl. 1.4).

Daar kan dus tot die *algemene gevolgtrekking* gekom word dat dit tot op sekere hoogte en binne bepaalde beperkinge moontlik is om die herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes te beskryf en dat daar in die tydvak 10 000 v.C. tot en met Christus se geboorte wel opvoedingshandelinge en -bedrywigheede teenwoordig was wat die swartes in staat gestel het om hulle omgewing te beheers. Deur pragmatiese, realistiese en omgewingsgerigte opvoeding aan hulle kinders het sekere kultuurgoedere behoue gebly vir die nageslag sodat ontwikkeling plaasgevind het, wat eie is aan die Afrika-kultuur van die Bantoetaalsprekendes.

6.4 AANBEVELINGS

Voortspruitend uit die navorsing word die volgende aanbevelings gemaak:

1. Daar moet nie in enige geskiedbeskrywing of ander geskifte verwys word na 1652 as die aanvangsdatum van die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika nie. Studente in die geskiedenis en die historiese opvoedkunde moet op hierdie vergissing in geskifte gewys word.
2. Navorsing moet gedoen word oor die verdere geskiedenis van die Bantoetaalsprekendes en die samehangende opvoedingsgebeure, dit wil sê oor die periode sedert die geboorte van Christus tot ongeveer die historiese basislyn (± 1450).
3. Die boeke in die historiese opvoedkunde vir gebruik in die RSA moet herskryf word sodat die kultuurgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes 'n regmatige aandeel in sodanige boeke kan hê sodat daar 'n beter wedersydse begrip kan kom vir die opvoeding van elke bevolkingsgroep in hierdie land.

4. Uit die studie blyk dit dat Egipte, Nubië (Meroë) en Nok elkeen 'n belangrike rol in die opvoedingsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes gespeel het. Hierdie en ander beskawings sal intensiewer bestudeer moet word met betrekking tot hulle invloed op die Bantoetaalsprekendes en hulle opvoeding.
5. Die verskillende opvoedingsfasette van die Bantoetaalsprekendes se opvoedingsgeskiedenis in die periode (vermeld in 1.8) moet intensiewer nagevors word.

6.5 SAMEVATTING

Hoewel die oorsprongs- en herkomsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes terugdateer tot lank voor die historiese basislyn en daar heelwat vergissings bestaan het en nog steeds bestaan oor hulle opvoedingsgeskiedenis, was dit tog moontlik om die gebeure in die verre verlede te rekonstrueer aan die hand van die mondelinge tradisies wat onder die mense lewe en aan die hand van enkele wetenskaplike teorieë wat met verloop van jare oor die aangeleentheid ontwikkel is.

In die lig van hierdie navorsing, soos getoon in die vorm van enkele bevindings, is daar bewyse gevind dat die herkoms- en oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekendes beslis duidelike opvoedkundige betekenis het.

Indien die historikus en opvoeder met meer begrip sou navors en nalees oor die kultuurgeskiedenis en opvoeding van die Bantoetaalsprekendes sal daar 'n beter perspektief op die lewe en die opvoeding van die swartes in die RSA wees. In die lig van die huidige (1990 - 1992) konstitusionele woelinge in die land, wat ook die onderwystoekoms van die land se mense sal raak, word vertrou dat hierdie studie 'n bydrae sal lewer tot die uitbouing van begrip vir en van die historiese verlede van die swartmense.

BIBLIOGRAFIE

- ABU BAKR, A. 1981. Pharonic Egypt. (*In Mokthar, G., ed. General history of Africa II: Ancient civilizations of Africa. London : Heinemann p. 84 - 111.*)
- ADAM, S. 1981. The importance of Nubia: A link between Central Africa and the Mediterranean. (*In Mokthar, G., ed. General history of Africa II: Ancient civilizations of Africa. London : Heinemann p. 226 - 244.*)
- ADAMS, W.Y. 1977. Nubia: Corridor to Africa. London : Allen Lane.
- BAHOKEN, J.C., & ATANGANA, E. 1976. Cultural policy in the United Republic of Cameroon. Paris: The Unesco Press.
- BARER, M.C. 1963. Africa: A short history of the peoples of Africa. London : Museum Press.
- BEHR, A.L. 1978. New perspectives in South African education. Durban : Butterworths.
- BLEEK, H.I. 1952. Zulu legends. Pretoria : Van Schaik.
- BRICKMAN, W.W. 1977. Research in educational history. New York : New York University Book Store.
- BROWN, J.T. 1969. Among the Bantu nomads. New York : Negro Universities Press.
- BRUWER, F.P. 1963. Die Bantoe van Suid-Afrika. Johannesburg : Afrikaanse Pers.

- BRYANT, A.T. 1963. Bantu origins. Cape Town : Africana.
- BURGESS, A. 1936. Unkulunkulu in Zululand. Minnesota : The Board of Foreign Missions.
- CLARK, J.D., *ed.* 1982. The Cambridge history of Africa. Vol. 1. From the earliest times to 500 BC. Cambridge : Cambridge University Press.
- COLLINS, R.O. 1968. Problems in African history. London : Prentice Hall.
- CONNAH, G. 1981. Three thousand years in Africa: Man and his environment in the Lake Chad region of Nigeria. Cambridge : Cambridge University Press.
- CURTIN, P. et al. 1978. African history. Boston : Little Brown & Company.
- DAVIDSON, B. 1969. African history. London : Macmillan.
- DAVIDSON, B. 1978. Discovering Africa's Past. London : Longman.
- DE WET, J.J., DE K. MONTEITH & J.L. VENTER, P.A. 1980. Navorsing in die opvoedkunde. Deel. 1. Potchefstroom : PU vir CHO, Departement Empiriese Opvoedkunde.
- DROOGERS, A.F. 1974. De Gevaarlijke reis. Jongensinitiatie by de Wagena van Kisangani (Zaire). Amsterdam. (Proefskrif Vrije Universiteit.)
- ELLENBERGER, D.F. 1969. History of the Basuto : Ancient and Modern. New York : Negro Universities Press.
- FAGE, J.D. 1978. A history of Africa. London : Hutchinson.
- FAGE, J.D., *ed.* 1978. The Cambridge history of Africa. Vol. 2. from c. 500 BC to AD 1050. Cambridge : Cambridge University Press.
- FAJANA, A. & BIGGS, B.J. 1969. Nigeria in history. Ibadan : Longmans of Nigeria Ltd.

- FOWLES, Jib., *ed.* 1978. Handbook of Futures Research. London : Greenwood Press.
- GAILEY, H.A. 1970. History of Africa from earliest times to 1800. New York : Holt, Rhinehart and Winston.
- GAILEY, H.A. 1971. The history of Africa in Maps. Chicago : Denoyer - Geppert.
- GOOD, C.V. 1928. How to do research in education. Baltimore : Warwick and York.
- GORDON, IRA J. 1975. Human development. A transactional perspective. New York : Harper & Row.
- GREENBERG, J.H. 1955. Studies in African Linguistic Classification. New Haven : Compass Publishing Company.
- GRIFFITHS, I.L.L. 1984. An Atlas of African affairs. London : Methuen.
- GUTHRIE, M. 1967. Comparative Bantu. Vol. 1 - 4. Farnborough : Gregg Press.
- HALL, M. 1987. The changing past: Farmers kings and traders in Southern Africa 200 - 1860. Cape Town : David Philip.
- HAMMOND-TOOKE, W.D., *ed.* 1974. The Bantu speaking peoples of Southern Africa. London : Routledge & Kegan Paul.
- HANCE, W.A. 1969. The geography of modern Africa. New York : Columbia University Press.
- HIERNAUX, J. 1975. The people of Africa. New York : Charles Scribner's Sons.
- HOLDEN, W.C. 1963. The past and future of the Kaffir races. Cape Town : African.
- INSKEEP, R.R. 1978. The peopling of Southern Africa. Cape Town : David Philip.

- JOHNSON, M.C. 1977. A review of research methods in education. Chicago : Rand McNally.
- JOHNSTON, H.H. s.a. The opening up of Africa . London : Williams-Norgate.
- JONES, H.W. 1958. Africa in perspective. London : Quadriga Press.
- JUNOD, H.A. 1927. The life of a South African tribe. London : Macmillan.
- KING, J.C. 1971. The biology of race. New York : Harcourt Bruce Jovanovich.
- KI-ZEBRO, J., *ed.* 1981. General history of Africa I : Methodology and African prehistory. London : Heineman.
- LANDMAN, W.A., *red.* 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban : Butterworth.
- LEAVER, K.D. 1962. African family life in Southern Rhodesia: Southern Rhodesia information sheet, no. 28. Salisbury : The Government Printer (issued by the chief information officer, Southern Rhodesia Information Services.)
- LECLANT, J. 1981. The empire of Kush: Napata and Meroë. (*In Mokhtar G., ed. General history of Africa II: Ancient civilizations of Africa. London : Heinemann p. 278 - 297.*)
- LITTLE, T. 1958. Egypt: Nations of the modern world. London : Ernest Benn.
- LOUW, D.A. 1990. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM.
- MARTIN, P.M. & O'MEARA, P. 1977. Africa. London : Indiana University Press.
- MAYLAM, P. 1986. A history of the African people of South Africa : From the early iron age to the 1970's. London : Croom Helm.
- McCALL, D.F. 1969. Africa in time-perspective. New York : Oxford University Press.

- McEVEDY, C.D. 1980. The Penguin Atlas of African History. Harmondsworth : Penguin.
- McEWAN, P.J.M. 1968. Africa from the early times to 1800. London : Oxford University Press.
- McKAY, J. 1911. Origin of the Xhosas and others. Johannesburg : Juta.
- MEEK, C.K. 1925. The Northern tribes of Nigeria. London : Oxford University Press.
- MILLER, P. 1979. Myths and legends of Southern Africa. Cape Town : T.V. Bulpin.
- MULLER, C.F.J., *red.* 1968. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica.
- MURDOCK, G.P. 1959. Africa : Its peoples and their culture history. New York : McGraw-Hill.
- MUTWA, V.C. s.a. Indaba, My Children. Johannesburg : Blue Crane Books.
- NÖTHLING, F.J. 1989. Pre Colonial Africa: Her civilizations and foreign contacts. Pretoria : Sigma Press.
- OLANIYAN, R., *red.* 1982. African history and culture. Lagos : Longman.
- OLIVER, R. 1969. The dawn of African history. London : Oxford University Press.
- OLIVER, R. & FAGE, J.D. 1972. A short history of Africa. Harmondsworth : Penguin Books.
- OMER-COOPER, J.D. 1975. The Zulu aftermath: A nineteenth-century revolution in Bantu Africa. London : Longman.
- PHILLIPSON, D.W. 1981. The beginnings of the iron age in Southern Africa. (*In* Mokhtar, G., *ed.* General history of Africa II: Ancient civilizations of Africa. London : Heinemann. p. 671 - 692.)

POSNANSKY, M. 1981. Introduction to the later prehistory of sub Saharan Africa. (*In* Mokthar, G., *ed.* General history of Africa II: Ancient civilizations of Africa. London : Heinemann. p. 718 - 731.)

PISTORIUS, P. 1982. Gister en vandag in die opvoeding. Potchefstroom : Pro Rege.

RADIN, P., *ed.* 1965. African folktales and sculpture. London : Secker & Warburg.

SCHAPER, I., *ed.* 1946. The Bantu speaking tribes of South Africa. London : Lund Humphries.

SELIGMAN, C.G. 1930. Races of Africa. London : Butterworth.

SELIGMAN, C.G. 1934. Egypt and Negro Africa. London : George Routledge and Sons.

SETILOANE, G.M. 1976. The image of God among the Sotho-Tswana. Rotterdam : Balkema.

SETILOANE, G.M. 1986. African Theology: An Introduction. Johannesburg : Skotaville.

SHINNIE, P.L. 1967. Meroë: A civilization of the Sudan. London : Thames and Hudson.

SMITH, E.W. 1950. African ideas of God. London : Edinburgh House Press.

SOGA, J.H. 1930. The South Eastern Bantu. Johannesburg : Witwatersrand University Press.

SOLANKE, J. 1982. Internal African migrations and the growth of cultures. (*In* Olaniyan, R., *ed.* African history and culture. Lagos : Longman. p. 13 - 25.)

SUNDKLER, B.G.M. 1948. Bantu Prophets in South Africa. London : Lutterworth Press.

- TALBOT, P.A. 1969. The peoples of Southern Nigeria. London : Frank Cass & Co. Ltd.
- THORNTON, R. Culture : A contemporary definition. (*In* Boonzaier, E. & Sharp, J., *eds.* South African keywords. Cape Town : David Philip. p. 17-28.)
- TOBIAS, P.V. 1975. The men who came before Malawian history. (*In* Pachai, B., *ed.* The early history of Malawi. London : Longman. p. 1 - 16.)
- TURNBULL, C.M. 1976. Man in Africa. New York : Anchor Press.
- VAN ASWEGEN, H.J. 1980. Geskiedenis van Afrika: Van die vroegste oorspronge tot onafhanklikheid. Pretoria : Academica.
- VAN DER WALT, B.J. 1978. Horizon. Potchefstroom : Pro Rege.
- VAN DER WALT, J.L. 1982. Die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde. Koers. Bulletin vir Christelike Wetenskap. 47(1) : 28 - 44.
- VAN DER WALT, J.L. 1991. Die oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaal-sprekende mense van Suider-Afrika en die opvoedkundige betekenis daarvan. Tydskrif vir geesteswetenskappe. 31(3) : p. 232 - 245.
- VAN DER WALT, J.L. & POSTMA, W. 1987. Strominge in die Opvoedingsteorie 2. Hillcrest : Owen Burgess.
- VAN JAARSVELD, F.A. 1971. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652 - 1966. Johannesburg : Voortrekkerpers.
- VAN NOTEN, F. 1981. Central Africa. (*In* Mokthar, G., *ed.* General history of Africa II: Ancient civilizations of Africa. London : Heinemann. p. 620 - 638.)
- VAN NOTEN, F. 1982. The archeology of Central Africa. Graz: Akademische Druck-und Verlagsanstalt.
- VANSINA, J., MAUNY, R. & THOMAS R.V., *eds.* 1964. The historian in tropical Africa. London : Oxford University Press.

- VAN ZYL, A.J. 1924. Zoeloe legendes en gewoontes. Kaapstad : Juta.
- VENTER, I.S.J. 1976. Historiese opvoedkunde. Durban : Butterworths.
- WARD, W.E.F. 1960. A history of Africa. London : Aurora.
- WERNER, A. 1932. Myths and Legends of the Bantu. London : George G. Harrop & Co.
- WHEELER, M. 1969. First light. (*In* Oliver, R., *ed.* 1969. The dawn of African History, 2nd ed. London : Oxford University Press. p. 1 - 6.)
- WHITNEY, F.L. 1954. The elements of research. New York : Prentice-Hall.
- WIEDNER, D.L. 1962. A history of Africa South of the Sahara. New York : Vintage Books.
- WIERSMA, W. 1969. Research methods in education: An introduction. New York : Lippincott.
- WIJVEKATE, M.L. 1969. Methoden van onderzoek. Utrecht : Het Spectrum.
- WILLS, A.J. 1973. An introduction of the history of central Africa. London : Oxford University Press.
- WILLS, A.J. 1980. The story of Africa. London : Hodder & Staughton.
- WILSON, D.A. 1978. Early Africa. London : Butler & Tanner.
- ZAYED, A.H. 1981. Egypt's relations with the rest of Africa. (*In* Mokthar, G., *ed.* General history of Africa II: Ancient civilizations of Africa. London : Heinemann. p. 136 - 154.)